21.10 RAPPORT STUDIEDEPUTATE VROUE IN DIE DIENS VAN DIAKEN / GEORGANISEERDE VORME VAN DIAKONALE DIENSWERK (Art 258)

A. **Besluit:** Die Rapport van die Studiedeputate wat voortspruit uit die besluite van Sinode 2006, is met die rojering van die besluit (kyk Rapport by 21.13 in Handelinge 2009) nie meer op die tafel van hierdie Sinode nie.

B. **RAPPORT**

1. Formele aspekte

1.1 *Opdrag*

"3. Studiedeputate word aangewys om die volgende Sinode op Skrifgronde te adviseer oor die vraag of vroue in die amp van diaken en/of ander georganiseerde vorme van diakonale dienswerk kan dien al dan nie, met inagneming van alle relevante materiaal, insluitend dié op tafel van Sinode 2006 sowel as die inhoudelike van die Rapport van Sinode 1988. Hierdie studie moet duidelike gronde aandui indien enige Sinodebesluit deur sy aanbevelings verander moet word, sodat 'n vas en bindende besluit oor hierdie saak deur die betrokke Sinode geneem kan word" (Acta 2006, art 20.1:N, 415).

Saamgevat behels die opdrag die volgende:

1.1.1 Die Sinode 2009 moet op Skrifgronde **geadviseer** word
- (i) of vroue in die diens van diaken kan staan al dan nie
- (ii) en/of vroue in ander vorme van diakonale dienswerk kan dien al dan nie.

1.1.2 Bogenoemde moet geskied met **inagneming** van
- (i) alle relevante materiaal
- (ii) insluitend die stukke op tafel van Sinode 2006
- (iii) die inhoudelike van die Rapport van Sinode 1988 (Acta 1988:507 – Deel 2: Die vrou in die besondere ampte).

1.1.3 Die advies (1.1.1) moet **so geskied**
- (i) dat duidelike gronde aangedui word indien enige Sinodebesluit(e) deur die betrokke aanbevelings aan Sinode 2009 verander moet word sodat 'n vas en bindende besluit geneem kan word.

1.2 *Werkswyse*

Die volgende relevante materiaal is beskikbaar gemaak vir bestudering:

1.2.1 Rapport / Besluit / Ongepubliseerde Bylae Sinode 1988 rakende die vrou in die besondere ampte

1.2.2 Sinode 2000

1.2.2.1 Rapport 1 – Deputate: Vrou in die amp (artt 73, 185, 186) – p3.
1.2.2.2 Kommissierapport – p18.
1.2.2.3 Rapport 2 - Deputate : Vrou in die amp – p30.
1.2.2.4 Kommissierapport – p36.
1.2.2.5 Beskrywingspunt Partikuliere Sinode Wes-Transvaal oor die vrou in die kerk (artt 74, 206, 230) – p37.
1.2.2.6 Kommissierapport – p38.

1.2.3 Sinode 2003

1.2.3.1 Beswaarskrif WC Vergeer en JJ Janse van Rensburg teen besluite van die Sinode 1988 – die vrou in die besondere ampte (artt 8, 43.4, 234) – p45.
1.2.3.2 Kommissierapport – p51.
1.2.3.3 Rapport van die Deputate Leerstellige Sake : Vroue in die kerk (artt 43.1, 235) – p58.
1.2.3.4 Kommissierapport – p97.
1.2.3.5 Minderheidsrapport ten opsigte van gedeeltes van die Rapport insake die plek van die vrou in die kerk (Artt 43.3, 235) – p101.
1.2.3.6 Rapport van die Deputate Leerstellige Sake alternatiewe gedeeltelike Rapport – vroue in die kerk (artt 43.2, 235) – p102.

1.2.4 Sinode 2006

1.2.4.1 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Wonderboompoort oor besluit van Sinode 2003 oor vroue in die kerk (artt 11, 46) – p116.

1.2.4.2 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk George oor besluit van Sinode 2003 oor die verkiesbaarheid van vroue as diakens (artt 11, 44) – p120.

1.2.4.3 Beswaarskrif van AH Stavast, AH Klopper en RL Vorster oor besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die amp (artt 11, 57) – p124.

1.2.4.4 Beswaarskrif Klassis Soutpansberg oor besluit van Sinode 2003 oor toelating van die vrou in die diakenamp (artt 11, 56) – p131.

1.2.4.5 Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld teen besluite van die Nasionale Sinode 2003 – vrou in die amp (artt 11, 55) – p138.

1.2.4.6 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Aranos oor besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die besondere ampte (artt 11, 45) – p149.

1.2.4.7 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Aranos oor besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die besondere amp van diaken – inhoudelik (artt 11, 45) – p150.

1.2.4.8 Beswaarskrif, Klassis Pretoria Moot, oor verkiesbaarheid van vroue tot die amp van diaken (artt 11, 58) – p161.

1.2.4.9 Beswaarskrif GJC Jordaan en MJ du Plessis teen besluite van Sinode 2003 insake vroue in die diakenamp (Handelinge 2003:593, artt 21.11) (artt 11, 60) – p174.

1.2.4.10 Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld teen besluite van die Nasionale Sinode 2003 – vrou in die amp van diaken (artt 11, 61) – p178.

1.2.4.11 Tersaaklike gedeeltes in 2006 Minderheids- en Meerderheidsrapport insake vroue in besondere ampte.

1.2.4.12 Nie-behandelde K-rapporte van verskeie Kommissies na aanleiding van stukke (Beswaarskrifte / Beskrywingspunte) teen besluit 2003 oor die vrou en die diakenamp, soos opgeneem in die Agenda van 2006 vir moontlike besluitneming.

1.2.5 Kommentaar van die Gereformeerde Kerken Nederland (Vrijgemaakt) aan die GKSA na aanleiding van die besluit van die GKSA in 2003 oor die diakenamp.

1.2.6 Studiestuk Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland.

1.3 *Drie "besprekingstandpunte" is aan die hand van relevante materiaal bestudeer*

1.3.1 Die vrou kan in die diens van diaken staan.

1.3.2 Die vrou kan in 'n afsonderlike diakonale diens staan.

1.3.3 Die vrou kan nie in die diens van diaken staan nie.

1.4 *Die volgende uitgebreide toepaslike tematiese studies is gedoen:*

1.4.1 Verantwoordbare Hermeneutiese model.

1.4.2 Besondere dienste Skriftuurlik en Kerkordelik beskou.

1.4.3 Toepaslike openbaringshistoriese lyne in die Skrif.

1.5 *Formaat van Rapport*

1.5.1 Tersaaklike vertrekpunte (punte 2 en 3) word by aanvang van die Rapport weergegee.

1.5.2 Die geïntegreerde resultaat van studie deur Deputate (spesifiek van tersaaklike Skrifdele) word waar toepaslik in hulle ooreenkoms en verskille in verstaanswyses weergegee.

1.5.3 Die Rapport konkludeer met aanbevelings vir besluitneming deur die Sinode.

2. Tersaaklike vertrekpunt: Kerkregtelike aspekte met betrekking tot die besondere dienste[1]

2.1 *Die woorde "diens" en "amp"*

In 'n poging om die betekenis van die woorde "diens" en "amp" te omskryf, is dit nodig om die onderbou vir die begrippe in die Nuwe Testament, geleë in die woord *diakonia* na te gaan. In die Nuwe Testament word *diakonia* in besonder gebruik vir werk wat in opdrag van iemand anders uitgevoer word. Hierdie Griekse woord kom volgens Louw & Nida (1988b:59) binne verskillende betekenisvelde in die Nuwe Testament voor nl

[1] Hierdie afdeling van die Rapport maak ruim gebruik van die boek waartoe die GTV opdrag gegee het, naamlik "Breed, Douw G; Van Rensburg, Fika J; Jordaan, Gert JC. 2008. Manlik en vroulik in die kerk: geslagtelikheid en die besondere dienste. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.", veral p11-30.

diens, bediening, voorsiening, tafeldiens en bydrae. Dit is egter duidelik dat die betekenis waarvoor die woord "amp" in Afrikaans gebruik word, goed vergelyk met die betekenis in die betekenisveld "bediening" ("rol" of "posisie van diens"). Hoewel sommige kerkregtelikes meen dat die woorde "diens" en "amp" sinonieme is, is die woord "diens" bruikbaarder, omdat die woord "amp" in Afrikaans 'n betekenis van status of posisie verkry het. Die woord "diens" maak duidelik dat die dienswerk (met inbegrip van die woorde wat daarvoor in die Nuwe Testamente gebruik word) in die kerk in nederigheid en toewyding aan Christus as die enigste Hoof van die kerk moet geskied. Omdat alle Christelike werk egter met die term "diens" beskryf kan word, is dit nodig om amp te omskryf as "besondere diens", om dit sodoende van die diens wat alle gelowiges verrig, te onderskei. Dit moet in ag geneem word dat die woord "diens" ook soms vir "besondere diens" gebruik word, bv wanneer "diens" verwys na die diens van ouderling/diaken/predikant. In hierdie Rapport word die term "besondere diens" eerder as "amp" gebruik.

2.2 *Die oorsprong van die besondere dienste*

Die oorsprong van die besondere dienste lê by God self, en nie by die mens nie. God die Vader het sy Seun na hierdie wêreld toe gestuur. Met sy doop is Jesus Christus deur die Heilige Gees gesalf tot die eintlike Ampsdraer in die kerk: Hy beklee 'n drievoudige diens as hoogste Profeet en Leraar, enigste Hoëpriester en ewige Koning.[2] Christus maak egter ook van mense se diens in die uitoefening van sy dienswerk gebruik. Hy maak nie meer van die Ou-Testamentiese besondere dienste gebruik nie, want in en deur Hom is hulle ten volle vervul. Hy gee egter nuwe besondere dienste wat tegelyk kontinue en diskontinue lyne met die Ou-Testamentiese dienste van profete, priesters en konings het. Hy stel eerstens apostels aan, eers direk[3], en toe die plaasvervanger-apostel (Mattias) indirek deur middel van die ander apostels, die gemeente en die lot.[4] Paulus is later deur Hom as apostel geroep.[5] In die gemeentes, wat Christus toe deur die dienswerk van die apostels laat ontstaan het, gee die Heilige Gees 'n verskeidenheid gawes wat die gelowiges in die uitvoering van God se wil moet gebruik. Hierdie gawes is verskillende bekwaamhede en vermoëns wat die Heilige Gees vir mense gee en waardeur Hy hulle in staat stel om met bepaalde dienswerk tot opbou van die kerk te werk.[6]

Met hierdie gawes is en word op verskillende manier gedien:

(i) Gewoonlik dien gelowiges daarmee spontaan (op eie inisiatief) en insidenteel, waar die geleentheid hom daarvoor voordoen. Hierdie vorm van diens deur elke lid van die gemeente, is deel van die uitlewing van dit wat "die amp van die gelowige" genoem word.[7]

(ii) Soms is die gawes ook in langer-durende en meer georganiseerde dienswerk benut. Dit lyk asof hierdie soort diens veral te doen gehad het met hulpverlening aan apostels.[8]

(iii) Party gelowiges word deur die Here dmv sy kerk aangewys en aangestel om hulle gawes te beoefen in een van die blywende besondere dienste wat Hy in die kerk ingestel het.[9] Hierdie besondere dienste in die Nuwe-Testamentiese kerk is dié van herder en leraar, ouderling en diaken.[10]

2.3 *Onderskeid tussen algemene en besondere diens*

Alle gelowiges het deel aan die salwing in Christus (HK, So 12) en is profeties, priesterlik en koninklik geroep tot diens. Alle gelowiges staan in "die amp van die gelowige" (vgl NGB, 29). Uit die Nuwe Testament is dit duidelik dat daar wel 'n onderskeid is tussen iemand wat in die "amp van die gelowige" diens verrig en iemand

---

2 Matt 23:8, 10; Rom 15:8; 1 Kor 15:25; Heb 3:1; 8:6; 13:20; 1 Pet 2:25; 5:4; vgl HK, 12

3 Mark 3:14; Luk 6:12-16

4 Hand 1:15-26

5 Gal 1:15-16

6 Rom 12:6-8; 1 Kor 12; 1 Pet 4:10-11

7 Luk 10:38; Hand 16:15; 19:26; Tit 2:3-5; 1 Pet 4:10a; Bylae-1988, pt7.2

8 Luk 8:1-3; 10:1-17; Rom 16:3,6,9,12; 1 Kor 16:15-16; Kol 4:7,10-11,14

9 Hand 6:1-6; 14:23; 1 Kor 12:28; Ef 4:11; Flp 1:1; 1 Tess 5:12-13; 1 Tim 3:1-13; 5:17-20; 2 Tim 2:2; Tit 1:5-9; Heb 13:17; Jak 5:14; 1 Pet 5:1-4; Op 4:4

10 1 Kor 12:28; Ef 4:11; 1 Tim 3:1-12; 5:17

wat byvoorbeeld in die "besondere diens" van profeet of ouderling dien.[11] Wat die besondere dienste onderskei van die ander vorms van dienslewering in en deur die kerk, is nie die *besondere gawes* wat ampsdraers het nie, ook nie die *inhoud van die dienswerk* wat gedoen word nie, ook nie dat die besondere diens *belangriker* is as die diens van gelowiges nie of dat iemand wat in 'n besondere diens staan meer van die Gees ontvang het as ander gelowiges nie. Die unieke van die besondere dienste is veral die *spesiale sorg* wat hulle moet dra dat "die ware godsdiens onderhou, die ware leer oral versprei, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou, en die armes en bedroefdes ook volgens hulle nood gehelp en getroos word" (NGB, 30).

2.4 *Die gesag van die besondere dienste*

Naas die feit dat Christus Hoof is oor owerhede en magte[12] en oor hulle regeer met onderwerpende mag, is Christus ook Hoof van die kerk.[13] As Hoof van die Kerk beskik Hy oor alle gesag (ἐξουσι❖α)[14]. Die woord ἐξουσι❖α (gesag) gee uitdrukking aan die alleenmag en gesag wat God in Homself het en wat Hy aan sy Seun gegee het.[15] Christus dra sy gesag aan geen mens of instansie oor nie.[16] Die kerk het dus net een Hoof en dit is Jesus Christus.

Belangrike Skrifdele in hierdie verband is Matt 16:18-20 en 18:17 wat oor die sleutelmag handel. Christus gee hiermee aan die kerk bevoegdheid (*potestas*) maar nie eie gesag (*auctoritas)* nie.[17]

Tog is daar in die kerk sekere persone in die besondere dienste wat die gesag van Christus op 'n besondere wyse moet bedien. Omdat Christus egter die enigste Hoof van die kerk is, moet dit só verstaan word dat hierdie persone nie uit hulleself gesag het nie, maar in hulle besondere diens bedien hulle bloot die gesag van Christus. Hulle tree dus op met bedienende gesag,[18] en is hieroor verantwoording aan die Koning van die kerk verskuldig.[19]

In die lig hiervan is die mense wat in besondere dienste is nie in een of ander magsposisie bo die gemeente nie. Die mense in besondere dienste is *deel van die gemeente*. Soos ligamente in 'n liggaam het hulle 'n spesifieke funksie binne die gemeente, volgens die opdrag en aard van elke besondere diens. Hierdie funksie voer hulle binne die gemeente as deel van die gemeente uit met die oog daarop dat die Hoof van die liggaam se κύριος-skap erken word en gestalte vind.[20] Mense wat dus deur Christus gegee is om in die besondere dienste te dien, moet soos dienaars[21] en slawe[22] wees: hulle mag geensins op grond van vermeende eie gesag optree nie; hulle mag net die gesag van hulle κύριος bedien.

2.5 *Bevinding tov kerkregtelike aspekte met betrekking tot die besondere dienste*

2.5.1 Die vermelde kerkregtelike aspekte as tersaaklike vertrekpunt verskil in geen aspek van kerkregtelike aspekte waarvan in vorige studies van die GKSA uitgegaan is in die bestudering van vroue in die besondere dienste nie.

2.5.2 Die vermelde kerkregtelike aspekte as tersaaklike vertrekpunt hou nie in dat enige bestaande sinodebesluite na aanleiding van hierdie deel van die Rapport verander moet word nie (1.1 van Rapport) .

---

11 As Paulus in Filippense 1:1 na die ouderlinge en diakens verwys, blyk dit dat hy spesifieke mense in die oog het en nie alle gelowiges in die algemeen nie.

12 Kol 2:10

13 1 Kor 11:3; Ef 1:22; 4:15; 5:23; Kol 1:18; 2:19

14 Joh 10:18

15 Matt 28:18-20

16 Op 3:7

17 Calvyn (Inst 4,8,1; 11,1; 4, 10)verwys na drieërlei bevoegdheid (*potestas*)[17] nl. *potestas doctrinae* (bevoegdheid om te leer), *potestas iurisdictionis* (bevoegdheid om te regeer) en *potestas in legibus ferendis* (bevoegdheid om wette te maak).

18 Hierdie bediening van die gesag word ook deur die ampsdraers-in-oorleg-met-mekaar en onder wedersydse toesig uitgeoefen (Hand 20:28; 1 Tim 4:14).

19 Tit 1:7 ["rentmeester"]; Heb 13:17

20 Ef 4:7-16; 1 Kor 12:28vv

21 1 Tim 4:6

22 2 Tim 2:24

3. Tersaaklike vertrekpunt: Hermeneutiese model[23]

3.1 *Inleidende opmerking in die evaluering van eksegese*

In die bestudering van die vraagstuk van vroue in die besondere dienste word daar, soos by ander eksegetiese vraagstukke, van sekere voorveronderstellings en vertrekpunte uitgegaan. Alle eksegese en hermeneuse wat oor die vraagstuk van vroue in die besondere dienste gedoen word, word in die lig van hierdie voorveronderstellings en vertrekpunte beoordeel en word besluit of dit **geoorloof of ongeoorloof** is. Geoorloofde eksegese en hermeneuse word verder aan die hand van die eksegetiese raamwerk van die grammaties-historiese model beoordeel, naamlik of dit **eksegeties houdbaar of onhoudbaar** is.[24] Verder word ook geoordeel of dit **eksegeties oortuigend** is. Eksegese kan meer of minder oortuigend wees. Vanweë ons menslike beperktheid en ons sondigheid, kan dit gebeur dat eksegete wie se eksegese in die lig van die uitgangspunte geoorloof is en wat eksegeties houdbaar en oortuigende eksegese doen, tog 'n Skrifgedeelte verskillend verstaan – selfs binne een kerkverband. In sulke gevalle word in hierdie rapport aangetoon waar die moontlike swak en sterk punte van dié eksegese en hermeneuse is.

3.2 *Skrifbeskoulike vertrekpunte tov Hermeneutiese Model*

Die Bybel is die ewige en altyd-geldende Woord van God wat Hy deur die inspirasie van die Heilige Gees tydgerig vir en deur mense laat boekstaaf het. Hierdie voorveronderstelling bevat die volgende hoofmomente:

3.2.1 Die Bybel is die geskrewe Woord van God

Die belydenis dat die Bybel die geskrewe Woord van God is, hou in dat God die Subjek en die Objek van die Bybel is. God openbaar dus Homself en sy wil aan mense in die Bybel. Die feit dat God die Outeur van die Bybel is, hou in dat die verskillende Bybelboeke in onderlinge openbaringshistoriese samehang verklaar moet word. In die proses van "op skrif stel" van die Bybel het God van mense en menslike aktiwiteit gebruik gemaak. God se openbaring in die Bybel vind dus plaas in die taal en konteks van die betrokke mense wat God geroep het om sy openbaring op te teken. Die Bybel is dus die Woord van God, en wel op so 'n wyse dat al die historiese en menslike aspekte daarvan ten volle te verreken is. In hierdie sin is die Bybel God se Woord in menswoorde (vgl bv Luk 1:1-4; Op 1:1-3).

3.2.2 Die Bybel is ewig en altyd-geldend

3.2.2.1 God se gesagvolle openbaring vir alle tye

Die belydenis dat die Bybel ewig en altyd-geldend is, beteken in die eerste plek dat God die Bybel bedoel het om sy openbaring aan mense van alle tye, plekke en omstandighede te bring; ook dat die Bybel gesag het en die openbaring van God se wil is. Hierdie belydenis hou verder in dat die Bybel geag word as die maatstaf vir die standpunt oor God, die verhouding met Hom, die mens se leefstyl en verhouding met ander mense sowel as met die skepping.

3.2.2.2 Selfgetuienis

Die werklikheid dat die Bybel ewig en altyd-geldend is, kan nie deur middel van eksterne getuienis bewys word nie. Die inhoud van die Skrif self oortuig egter die leser van sy gesag wanneer die Heilige Gees die Woord van God aan mense bring deur hierdie geskrifte. Die Heilige Gees maak die gelowige dus bewus van die gesag van hierdie geskrifte (Joh 14:26; Joh 16:12-15; 1 Kor 2:10-14; 2 Kor 3:14-18).

---

[23] Hierdie afdeling van die rapport maak ruim gebruik van die boek waartoe die GTV opdrag gegee het, naamlik "Breed, Douw G; Van Rensburg, Fika J; Jordaan, Gert JC. 2008. Manlik en vroulik in die kerk: geslagtelikheid en die besondere dienste. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.", veral p37-64.

[24] Berus op die oortuiging dat God se Woord wel sy **openbaring van die vasstaande, onveranderlike waarheid oor Homself, sy wil en ons verlossingsweg bevat**. Daarom is berekend gekies vir die terme "eksegeties houdbaar/onhoudbaar". Daarmee word gesê dat eksegese geweeg moet word aan die eksegetiese raamwerk van die grammaties-historiese model. As eksegese wel aan die vereistes van dié raamwerk beantwoord, word dit beskou as eksegeties houdbaar.

3.2.2.3 Skopus en aard van die Bybel

Ten diepste bied God in die Bybel sy openbaring

(i) oor Homself (wie Hy is en wat Hy doen: God, Here, Skepper van alle dinge, Onderhouer en Regeerder)

(ii) oor die wyse waarop Hy verlossing bewerk (dat Hy in Christus die sonde oorwin en sodoende die verhouding tussen Hom en sy beelddraer herstel tot dié van Vader en kind),

(iii) oor hoe Hy as Here en God gedien en geëer word (hoe die verloste in alles wat hy/sy doen, sê en dink moet wys dat hy/sy vanuit ‘n herstelde verhouding met God leef).

3.2.2.4 Skopus van die Bybel en samelewingskonvensies

Die Bybel is nie in die eerste plek bedoel om (samelewing)strukture te herskep of te herstruktureer nie, maar mense se harte te verander. Deur die veranderde harte verander die Woord die bepaalde samelewingstrukture en word spesifieke samelewingskonvensies hervorm (bv slawerny). God roep dus mense met bekeerde harte om die samelewing te reformeer. Soms vind hierdie reformasie van die samelewing spoedig plaas; soms gebeur dit egter eers deur die verloop van baie eeue.

3.2.2.5 Hermeneutiese implikasies

In die belydenis van die ewigheid en altyd-geldendheid van die Bybel, is dit nodig om 'n skerp onderskeid te maak tussen dit wat in die Bybel geskryf staan en die leser se eie verklaring daarvan. Dit wat in die Bybel geopenbaar word, staan vas, maar die leser se verklaring daarvan moet altyd weer aan die Bybel gekontroleer word. Hierdie kontrole hou onder andere die volgende in:

(i) Skrifgetroue Bybelnavorsers tree nie op asof hulle die eerstes is wat onder leiding van die Heilige Gees die Bybel bestudeer nie. Hulle raadpleeg begaafde persone en/of hulle werke, wat self die leiding van die Heilige Gees gesoek het, om hulle eie verklaring daarmee te weeg.

(ii) Skrifgetroue Bybelnavorsers hou vol met bestudering van die Bybel in ‘n poging om te bepaal of ander dele van die Bybel nie lig werp op 'n onderdeel waarmee hulle worstel nie terwyl hulle voortdurend bid vir en wag op die leiding van die Heilige Gees.

(iii) Skrifgetroue Bybelnavorser maak voortdurend erns met Skrifbeginsels wat vir suiwer Skrifverklaring noodsaaklik is.

3.2.3 Die Bybel is deur die Heilige Gees geïnspireer

Die Bybel is God se Woord wat Hy besluit het om aan mense te openbaar deur mense dit in menslike woorde en geskrifte te laat opteken het (vgl bv 2 Tim 3:16-17; 2 Pet 1:19-21). In hierdie proses het God die menslike skrywers se arbeid geïnspireer op so ‘n wyse dat dit as *organiese inspirasie* getipeer word waardeur sy openbaring aan mense oorgedra kon word. Hierdie inspirasie het gebeur met insluiting van die skrywers se eie persoonlikhede, agtergrond en ander omstandighede en het elkeen ook binne die konteks van hulle eie historiese situasie geskryf. Organiese inspirasie hou in dat dit ongeldig is om net sekere dele van die Bybel as Goddelik geïnspireer te beskou.

3.2.4 Die Bybel het tydgerig ontstaan maar is nie tydgebonde nie

In samehang met die organiese inspirasie van die Bybel is die feit dat die boeke van die Bybel tydgerig ontstaan het. Die menslike skrywers het die taal, idioom, literêre genres en argumentasiestyl van hulle tyd gebruik om die geïnspireerde Woord op skrif te stel. Die Bybel is dus geformuleer in die taal en idioom wat die eerste lesers kon verstaan en spreek hulle binne hulle eie historiese situasie en lewensomstandighede aan. Dit maak nie die Bybel tydgebonde en gevolglik in betekenis en toepassing beperk tot die historiese situasie en lewensomstandighede van die eerste lesers nie. God se Woord reik déúr die tyd en omstandighede van die eerste lesers tot die mense van alle tye. Soos die tale waarin die Bybel geskryf is vertaal kan word om latere lesers elkeen in hulle eie taal te bereik, so kan ook die tydgerigtheid van die Bybel “vertaal” word om latere lesers elkeen binne hulle eie tyd

en omstandighede te bereik. Hierdie laasgenoemde “vertaal”-proses staan bekend as hermeneuse. Hierdie aktiwiteit van hermeneuse behels dat God se openbaring onveranderd tot die hedendaagse mense in hulle eie situasie en omstandighede kom.

3.3 *Hermeneutiese vertrekpunte*

3.3.1 Tersaaklike vertrekpunte vir eksegese

3.3.1.1 Grammaties-historiese eksegese as benadering

Grammaties-historiese eksegese is ‘n hermeneutiese model waarin dit wat in die Bybel geskrywe staan as grondslag vir die eksegese dien. Hierby is ingesluit die grammatiese aspekte van taal, styl, idioom en literêre genre. Uitgaande van die organiese inspirasie van die Bybel en die gevolglike tydgerigtheid daarvan, word daarna gestreef om dit wat daar geskrywe staan te verstaan binne die historiese konteks waarop dit gerig is. Dit hou ook in die verrekening van die openbaringshistoriese konteks asook die historiese en die sosiale/kulturele omstandighede van die outeur en die eerste lesers.

3.3.1.1.1 *Grammaties* binne die grammaties-historiese benadering

3.3.1.1.1.1 Tekskritiese kontrole

Skryffoute wat daar in die handgeskrewe kopieë van die Bybel bestaan, is deur Tekskritiek-wetenskaplikes so goed as moontlik geïdentifiseer en so ver as moontlik in hedendaagse gedrukte uitgawes van die Bybelteks uitgeskakel. Deur gedrukte uitgawes met mekaar te vergelyk kan die eksegeet tot ‘n verantwoordelike keuse kom ten opsigte van die grondteks waaruit eksegese gedoen moet word.

3.3.1.1.1.2 Tekstuele konteks van die perikoop en die boek

Deeglike verrekening van die tekstuele konteks van sowel die perikoop as die boek waarin die perikoop is, is baie belangrik, want so neem die verklaarder ‘n voorsorgmaatreël dat hy/sy nie ‘n Skrifdeel uit verband verklaar nie.

(i) Perikoopafbakening berus grootliks op die verklaarder se oordeel oor die gedagte-opbou van die betrokke boek. Tog vervul ‘n perikoop binne die geheel-argument van die betrokke boek ‘n spesifieke funksie en die verklaring van die intra-argument van die perikoop moet die funksie van dié paragraaf binne die argument van die hele boek verreken.

(ii) Die verklaarder moet hom/haar ook vergewis van die plek van die betrokke boek binne die geheel-versameling van die Bybel. Hierdie verrekening het enersyds vir die bepaling van die genre van die betrokke boek belangrike implikasies en andersyds vir die bepaling van die buite-tekstuele konteks (sowel openbaringshistories as kultuurhistories).

3.3.1.1.2 *Histories* binne die grammaties-historiese benadering

3.3.1.1.2.1 Plasing binne die Bybel

3.3.1.1.2.1.1 Die openbaringshistoriese lyne

Elke Bybeldeel is deel van die geheel van die geskrewe Woordopenbaring van God en moet daarom gelees word binne die groter openbaringshistoriese samehang van die Skrif. Dit beteken dat die openbaringshistoriese lyne wat soos goue drade regdeur die Skrif loop, beskryf moet word en dat aangetoon moet word hoe die betrokke Skrifdeel wat bestudeer word daarmee saamhang. Breedweg beskou, moet die eksegeet by Skrifverklaring ten minste vra na die samehang tussen die spesifieke Skrifdeel wat bestudeer word en die breë openbaringslyne van God se heerlikheid, sy wil en die mens se verlossing. Binne hierdie breë openbaringshistoriese lyne moet die eksegeet die verskillende Skrifdele wat met ‘n betrokke Skrifdeel/vraagstuk verband hou, tot ’n geheelbeskrywing saamvoeg. Vir hierdie samevoeging van tersaaklike Skrifdele (Skrif-met-Skrif-vergelyking) het die Skrifbeskoulike vertrekpunt van die duidelikheid van die Skrif die volgende implikasies:

(a) In die Gereformeerde hermeneutiek is die *aksiomatiese* en nie die *problematiese* die vertrekpunt en daarom word in enige

openbaringshistoriese/eksegetiese ondersoek altyd begin by die Skrifdele wat duidelik(-er) oor ‘n saak spreek en word vandaar beweeg na dié gedeeltes wat minder duidelik sou wees. Die Skrif is hierdeur sy eie verklaarder.

3.3.1.1.2.2 **Plasing binne die historiese konteks** (sosiaal, ekonomies, polities en godsdienstig, ens)

3.3.1.1.2.2.1 Lees die Skrifdeel binne sy kultuurhistoriese konteks

Elke boek in die Bybel het binne die sosiale en politieke werklikhede van ‘n spesifieke era ontstaan. Persone in die boeke was werklike persone wat deel van ‘n dinamiese samelewing uitgemaak het en met daardie samelewing in interaksie was. Die betrokke perikoop/boek moet dus verklaar word *met deeglike inagneming van die tersaaklike kultuurhistoriese gegewens wat die Bybel self voorsien, aangevul deur tersaaklike gegewens uit* ander antieke bronne.

3.3.1.1.2.2.2 Gebruik ’n historiese benadering, verryk vanuit die sosiale wetenskappe

Die benadering is ‘n gebalanseerde kultuurhistoriese benadering (ook die sosiohistoriese benadering genoem). Hierdie gebalanseerde kultuurhistoriese benadering is ‘n historiese benadering (teenoor ‘n sosio-wetenskaplike benadering),[25] verryk deur die vrae wat sosiaal-wetenskaplikes vra en die resultate van die modelle wat hulle gebruik.[26] Dit beteken dat die benadering emies[27] is, en nie eties[28] nie. Op hierdie wyse wil die verklaarder deurdrenk raak met die data en verskynsels uit die era van die betrokke boek, sonder om met ‘n vooropgesette teorie of model die data en verskynsels te bekyk.[29] Alhoewel die kultuurhistoriese konteks van ‘n hele boek van belang is, is dit nie voldoende om die ondersoek daartoe te beperk nie. Ook dit wat spesifiek vir die betrokke perikoop tersaaklik is, moet ondersoek word. In praktyk behels dit die volgende:

(i) **Boek:** Sake ten opsigte van die kultuurhistoriese konteks van die hele boek, sluit dinge in soos die ligging van die woonplek van die eerste lesers, die bevolkingsamestelling van daardie stad/gebied, die politieke omstandighede van die stad/gebied, die gangbare godsdiens(te) en filosofiese stromings, ens.

(ii) **Perikoop:** Vir die konstruksie van die kultuurhistoriese konteks van die betrokke perikoop, moet die perikoop self gefynkam word om te bepaal watter sosiale, politieke en/of godsdienstige fasette van die lewe van

---

[25] Dié twee benaderings werk met dieselfde buite-tekstuele gegewens: die sosiale en politieke omstandighede van die tydvak waarin die betrokke boek ontstaan het. Die verskil lê in die metodes wat gebruik word om die gegewens by die konstruksie van die buite-tekstuele konteks van die betrokke Bybelboek/perikoop te verreken. Vanuit ‘n sekere hoek bekyk ‘n suiwer sosio-wetenskaplike benadering en ‘n suiwer kultuurhistoriese benadering twee pole van ‘n kontinuum. Elkeen wat navorsing doen oor die kultuurhistoriese konteks van ‘n Bybelboek, bevind hom/haar êrens op hierdie kontinuum: óf neigend nader aan die suiwer sosio-wetenskaplike, of nader aan ‘n kultuurhistoriese benadering. Hierdie twee pole kan soos volg getipeer word: (1) By die sosiaal-wetenskaplike benadering funksioneer die uitgangspunte van die sosiaal-wetenskaplike dissiplines as vertrekpunte, terwyl die kultuurhistoriese benadering histories is. (2) Die sosiaal-wetenskaplike benadering is sosiologies, terwyl die kultuurhistoriese benadering sosiaal is. Dit hou in dat, in die konstruksie van die kultuurhistoriese konteks van die betrokke Bybelboek/perikoop, die sosiaal-wetenskaplike benadering op sosiologiese teorieë - daargestel op grond van navorsing van huidige sosiale verskynsels - konsentreer, terwyl die kultuurhistoriese benadering op die sosiale verskynsels van die eerste eeu konsentreer.

[26] Die gebreke van ‘n “suiwer” kultuurhistoriese of ‘n “suiwer” sosiaal-wetenskaplike metode is die volgende: (1) Die “suiwer” kultuurhistoriese metode gaan daaraan mank dat die beoefenaar in teorievergetelheid verkeer: daar word op ‘n intuïtief-naïewe wyse met die sosiale gegewens gewerk, asof dit moontlik is om teorievry te werk. Intussen word nie teorievry gewerk nie, maar met ‘n intuïtiewe en naïewe teorie, ongedefinieer en ongetoets, en daarom ook grootliks onkontroleerbaar. (2) Die “suiwer” sosiaal-wetenskaplike metode gaan weer daaraan mank dat die beoefenaar se fokus eensydig ingestel is op kontemporêre teorieë en modelle, en dat die gegewens uit die tydvak van die betrokke boek sekondêr hanteer word.

[27] ‘n Emiese benadering laat die klem val op die situasie van destyds. Data en verskynsels word beskryf in terme van die funksies binne die destydse samelewing. Die data en verskynsels dikteer as’t ware die ondersoek.

[28] ‘n Etiese benadering wil ook die situasie van destyds bestudeer, maar dan in terme van teorieë en modelle wat in die huidige tyd ontwikkel is op grond van data en verskynsels in huidige samelewings. Die ondersoek word gedikteer deur die betrokke teorie/model.

[29] Dit wil nie sê dat hier beredeneer word dat 'n emiese benadering nie teoriebepaald is nie. Wat die argument wel inhou, is dat die emiese benadering die data met betrekking tot die buite-tekstuele konteks van die boek nie met (en: in terme van) ‘n sosiologiese model benader nie. Geen benadering is immers teorievry nie, en daarom is dit noodsaaklik dat elke eksegeet sy/haar interpretasieteorie eksplisiet maak. Sodoende word die effek daarvan op die verklaring meetbaar en kontroleerbaar.

die eerste lesers tersaaklik kan wees. Hierdie fasette word dan as't ware die soekwoorde om inligting te versamel om die kultuurhistoriese konteks te konstrueer.

3.3.1.2 Die verhouding Ou Testament en Nuwe Testament[30]

Die Ou Testament en die Nuwe Testament is gelykelik Woord van God, en dié twee Testamente vorm 'n eenheid. Tog is daar 'n onderskeid tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament, en kan daar met reg gevra word na die verhouding tussen die twee Testamente.

3.3.1.2.1 Die verbinding van ewewydige spanningslyne in die Persoon van Christus

Dit is Christus wat tussen die Ou en die Nuwe Testament staan en wat die Testamente skei sowel as verbind. Deur die Persoon van Christus verbind God die ewewydige spanningslyne sáám en laat dit ontvou tot die volkomenheid van die nuwe bedeling in die voleinding. Die feit dat die lyne in Christus verbind word, hou onder andere ook in dat daar nie 'n ander waarheid in die Nuwe Testament geopenbaar word as in die Ou Testament nie. Dit is dieselfde waarheid, wel in 'n ander en nuwe historiese situasie geopenbaar. Die spanningslyne[31] wat daar in die Ou Testament is, integreer Christus in sy Persoon, veral in en deur sy sterwe en opstanding. Só bring Hy oordeel en genade saam; só bring Hy dood en lewe saam. Hy bring 'n nuwe bedeling, 'n nuwe verbond, 'n nuwe testament. Dis nog dieselfde verbond, woord, wet, genade, heerskappy; die situasie het egter nuut geword deurdat God die spanningslyne daadwerklik histories bymekaar gebring het. God hét voluit gestraf én genade bewys! God hét laat sterwe én nuwe lewe verwek! God het 'n wonder laat plaasvind deur dié dinge in Christus te verenig. Vir dié persoon wat in Christus is, is die wet vervul, die oordeel voltrek, die verlossing uit genade 'n werklikheid, en die lewe in hierdie bedeling 'n groeiende intieme verhouding met God. Die verhouding tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament kan slegs vanuit hierdie vervulling in Christus ráák verstaan word.

3.3.1.2.2 Die gebruik[32] van die Ou Testament in die Nuwe Testament[33]

Dele uit die Ou Testament word op talle plekke in die Nuwe Testament aangehaal, veral in die eerste drie Evangelies, die briewe van Paulus, Hebreërs en Openbaring. Party gedeeltes kan met groot sekerheid as aanhalings geïdentifiseer word. Ander is net verwysings na Ou-Testamentiese gedeeltes en nog ander is slegs toespelings op gedeeltes uit die Ou Testament. Die rede vir die aanhalings en toespelings vanuit die Ou Testament is dat die skrywer, onder inspirasie van die Heilige Gees, met hierdie aanhalings en toespelings daarin kon slaag om die boodskap wat hy in die nuwe bedeling wou kommunikeer, des te effektiewer tuis te bring.

3.3.1.2.3 Die Ou Testament steeds in eie reg te verstaan

Die bedoeling van die Nuwe-Testamentiese skrywer met aanhalings en toespelings vanuit die Ou Testament was nie altyd om die Ou-Testamentiese gedeelte binne die Ou-Testamentiese konteks te hanteer nie. Eerder is die bedoeling om vanuit die Ou Testament die gesag van sy eie argument aan te toon. Die betrokke Ou-Testamentiese gedeelte kry dikwels 'n funksie in die Nuwe Testament wat dit nie met die eerste oogopslag in die Ou Testament self gehad het nie. Dit sal gevolglik eensydig wees om Ou-Testamentiese gedeeltes te verklaar bloot op grond van hoe die betrokke gedeelte in die Nuwe Testament gebruik en toegepas word. Die bedoeling met die aanhaling was dikwels nie om

---

[30] Hierdie afdeling is 'n verwerking van klasaantekeninge gemaak tydens 'n seminaar van prof JL Helberg in 1978 binne die vak Ou Testament Hermeneutiek. Vgl Helberg (1978:1-6).

[31] Voorbeelde van hierdie spanningslyne is die feit dat God ondanks die sonde, tog 'n intieme persoonlike verhouding met gelowiges vestig; dat Hy ondanks die dood as gevolg van die sonde van die eerste mense-paar, die menslike geslag laat ontstaan; dat die "dag van die Here" sowel oordeel as verlossing inhou, ens.

[32] Met "gebruik" word nie bedoel dat die Nuwe Testament die Ou Testament bloot as 'n gebruiksartikel hanteer en dat die eenheid tussen die twee Testamente misken word nie.

[33] Hierdie afdeling is 'n verwerking van 'n rubriek wat Fika J van Rensburg vir die 1983 Vertaling Verwysingsbybel geskryf het, en wat in die Woordelys opgeneem is as "Aanhaling van die Ou Testament in die Nuwe Testament" (Verwysingsbybel 1998:1597-1598).

die Ou Testament te verklaar nie, maar om die argument in die Nuwe-Testamentiese konteks te dien.

3.3.2 Tersaaklike vertrekpunte vir hermeneuse

3.3.2.1 Gereformeerde hermeneuse

Gereformeerde hermeneuse is die proses waarin die resultaat van die hele eksegeseproses (grammaties-historiese analise en die sintese) waarin vasgestel is wat God in die betrokke Skrifdeel openbaar, oorgebring word na die leser/hoorder vandag.

3.3.2.2 Die verrekening van die huidige konteks in die hermeneuse

Die tersaaklike fasette van die huidige konteks (sosiaal, ekonomies, polities en godsdienstig, ens) moet só in die hermeneuse verreken word dat dit tot ‘n geldige toespitsing van die eksegese lei. Dikwels maak ‘n geldige konstruksie van die sosiale en politieke omstandighede van die betrokke Bybelboek dit moontlik om skerp en akkuraat te bepaal watter tipe sosiale en politieke situasies vandag vanuit die eksegese van die betrokke perikoop “belig” kan word. Die betrokke perikoop skryf dus self voor watter tipe sake in die huidige konteks belig word.

3.3.2.3 Die onderskeid tussen indikatief en imperatief

3.3.2.3.1 Geen meganies-grammatikale onderskeid nie

Taalkategorieë en openbaringskategorieë val nie altyd saam nie. ‘n Werkwoord waarvan die grammatikale modus imperatief is, kan nie noodwendig as ‘n openbaringsimperatief beskou word nie (Joh 2:19). Net so kan ‘n grammatikale indikatief nie noodwendig as ‘n openbaringsindikatief aanvaar word nie (1 Tess 4:7). Daar is dus nie ‘n meganiese manier om tussen die verlossingsindikatief (heilsfeit) en -imperatief (-opdrag) van ‘n Skrifdeel te onderskei nie. Die feit van die moontlike verwarring met die grammatikale onderskeidings *indikatief* en *imperatief* maak dit wenslik om liewer in hierdie Rapport die terme *heilsfeit(e)* (ipv *indikatief*) en *opdrag(te)* (ipv *imperatief*) te gebruik.

3.3.2.3.2 Sintaktiese en stilistiese merkers

Die verhouding tussen die heilsfeit en opdrag is van só ‘n aard dat die *opdrag* altyd konkluderend op die *heilsfeit* volg. Daarom kan dit die eksegeet van hulp wees om op te let vir sintaktiese en stilistiese merkers wat ‘n konkluderende funksie het (vgl Labuscagne 1981:29-31, en die tabel van De Klerk & Van Rensburg 2005:36). Daar lê egter geen vaste model hierin nie en daarom sal ook na ander hulpmiddels vir die eksegese gekyk moet word om tussen *heilsfeit* en *opdrag* te onderskei.

3.3.2.3.3 Konteks

Dikwels kan die eksegeet, sonder formele sintaktiese of stilistiese aanwysers, vanuit die konteks geldige afleidings maak oor wat in ‘n gegewe Skrifdeel as *heilsfeit* en wat as *opdrag* bedoel is. Historiese stof, poëtiese stof, profetiese stof en briewe is nie bedoel om op dieselfde manier gelees te word nie. Ook die retoriese konteks (gedagte-struktuur), kultuurhistoriese konteks, openbaringshistoriese konteks en die konteks van die hele Skrif moet hierby in ag geneem word.

3.3.2.3.3.1 Retoriese konteks

Die retoriese konteks van ‘n Skrifdeel kan beskryf word op grond van ‘n ontleding van die gedagte-struktuur (GSO, vgl Coetzee 1988:23 en die ontleding van gedagte-opbou op makrovlak, vgl De Klerk & Van Rensburg 2005:37-49). ‘n Belangrike deel van gedagtestruktuurontleding is juis om die samehang tussen die verskillende struktuur-komponente aan te dui. Indien dit uit die gedagtestruktuur blyk dat twee of meer gedagtes konkluderend of oorsaaklik saamhang, kan die eksegeet die moontlikheid van ‘n heilsfeit-opdrag oorweeg.

3.3.2.3.3.2 Kultuurhistoriese konteks

Om te onderskei tussen opdragte wat as blywende opdragte bedoel is en opdragte wat bloot situasie-gerig is, oftewel: om te onderskei tussen opdragte

met *normatiewe gesag* en dié met *historiese gesag*, moet die eksegeet die teks binne sy kultuurhistoriese konteks plaas.[34]

By die vasstelling of 'n bepaalde opdrag slegs deel uitmaak van die kultuurhistoriese inkleding van die teks of nie, is die hermeneutiese reël dat die Skrif sy eie Verklaarder is, deurslaggewend. Met ander woorde: die eksegeet kan nie net op grond van buitetekstuele bronne of bloot subjektiewe oorwegings besluit dat 'n bepaalde Skrifopdrag as kultuurhistoriese inkleding beskou kan word nie, maar die Skrif self moet daarvan blyke gee.

Samevattend blyk dit dat die eksegeet veral aandag moet gee aan die **begronding** van elke opdrag in die Skrifdeel. Opdragte wat in 'n geopenbaarde *heilsfeit* begrond is, kan normaalweg as 'n blywende *opdrag* beskou word; opdragte wat in kultuurhistoriese argumente begrond is, kan normaalweg as situatiewe opdrag beskou word.

3.3.2.3.3.3 (Openbarings-) historiese konteks

Veral in historiese stof is daar dikwels nie 'n formele gedagtestruktuur waaruit die samehang tussen heilsfeit en opdrag aangedui kan word nie. In sulke gevalle kan die samehang soms uit die historiese situasie afgelei word.[35]

3.3.2.3.3.4 Konteks van die hele Skrif

3.3.2.3.3.4.1 Openbaringshistoriese lyne van die betrokke Bybelboek

In die onderskeid tussen *heilsfeit* en *opdrag* is dit nodig om die openbaringshistoriese gerigtheid van die betrokke Bybelboek in ag te neem.[36]

3.3.2.3.3.4.2 Openbaringshistoriese lyne van die Skrif as geheel

In die eksegese behoort elke opdrag binne die konteks van die openbaringsgeskiedenis geplaas te word om binne daardie konteks te oordeel of dit bedoel is as 'n blywende *opdrag* of nie.[37]

3.3.2.3.3.4.3 Skrif met Skrif vergelyking

Direk in aansluiting by die breë openbaringshistoriese lyne van die Skrif is die eksegetiese proses van Skrif-met-Skrif-vergelyking. Om tussen *heilsfeit* en *opdrag* in 'n bepaalde Skrifdeel te onderskei, kan ander uitsprake elders in die Skrif rigtinggewend wees.[38]

3.3.2.4 Onderskeid tussen fokuspunt en bysaak

3.3.2.4.1 Sintaktiese en stilistiese merkers

In die breë gesien, kan as vertrekpunt geneem word dat die grammatikale hoofsin die *fokuspunt* van 'n Skrifdeel sal stel en bysinne en deelwoordfrases die *bysake.* Aan die ander kant is daar in die Nuwe Testament ook talle voorbeelde van hoofsinne wat *bysake* stel en bysinne wat die *fokuspunt* van die teks bevat (Ef 3:14-19).[39]

---

[34] Hierby moet egter gewaak word teen die idee dat sekere opdragte (dié met normatiewe gesag) tydgerig is terwyl ander opdragte (dié met slegs historiese gesag) ook tydgebonde is. Opdragte met historiese gesag bly steeds deel van die tydgerigte inkleding van die Skrif.

[35] 'n Voorbeeld hiervan Matt 14:14-21: In die perikoop twee opdragte van Jesus wat as grammatikale imperatiewe weergegee word. Jesus se opdrag (imperatief): "Bring dit (brode en visse) hier vir My" (14:18), en daarna (14:19) sy bevel vir die skare om op die gras te gaan sit. Beide opdragte is op die historiese situasie gerig. Nie bedoel as blywende opdragte met normatiewe gesag vir alle tye nie alhoewel dit beslis historiese gesag het. In die wonder het Jesus wel onteenseglik 'n heilsfeit geopenbaar wat ongeskrewe openbaringshistories daarin opgesluit lê naamlik dat Hy kan doen wat menslik onmoontlik is. Hy ís die Messias, die Seun van God. En, hierop gegrond, is ook die ongeskrewe opdrag: Glo in Hom!

[36] As voorbeeld Matt 14:14-21. Hierbo is daarop gewys dat die ongeskrewe *opdrag* in hierdie perikoop neerkom op: Glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God. Hierdie *opdrag* sluit ten nouste aan by die openbaringshistoriese gerigtheid van die Evangelie volgens Matteus, naamlik om mense te laat glo dat Jesus die Messias van God is.

[37] 'n Voorbeeld hiervan is die opdrag in Handelinge 15:28-29: "Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery." Indien egter die lyn vanaf die Ou- na die Nuwe-Testamentiese Skrifopenbaring gevolg word, is dit duidelik dat die ou seremoniële wette in Christus hulle vervulling bereik het en daarom nie meer bindend is nie.

[38] Weer eens Matt 14:14-21 as voorbeeld: Die konklusie dat die ongeskrewe *opdrag* van die perikoop neerkom op "Glo!", word in die lig van 'n ander Skrifuitspraak duidelik: Markus 6:52 getuig dat die wonder van die brode bedoel was om mense tot geloof te bring.

[39] De Klerk (1988:44-46) se ontleding van Efesiërs 3:14-21.

3.3.2.4.2 Konteks

3.3.2.4.2.1 Retoriese konteks

Nog veel meer as by die onderskeid tussen *heilsfeit* en *opdrag* is gedagtestruktuurontleding van belang vir die onderskeid tussen *fokuspunt* en *bysake* in 'n perikoop. 'n Voorbeeld hiervan word gevind in die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar (Luk 18:9-14).[40]

3.3.2.4.2.2 Kultuurhistoriese konteks

Soms kan ook die kultuurhistoriese konteks lig werp op wat as fokuspunt van 'n perikoop beskou moet word. 'n Voorbeeld hiervan is uitgewerk deur De Klerk & Van Rensburg (2005:52-63) met 1 Petrus 2:11-4:19.[41]

3.3.2.4.2.3 (Openbarings-)historiese konteks

Soos by die onderskeid tussen *heilsfeit* en *opdrag* kan die historiese konteks waarin 'n perikoop staan 'n sterk aanduiding gee van waar die *fokuspunt* daarvan gesoek moet word. Voorbeeld hiervan die geskiedenis van Jesus se begrafnis (Matt 27:57-66).[42]

3.3.2.4.2.4 Konteks van die hele Skrif

3.3.2.4.2.4.1 Openbaringshistoriese lyne van die betrokke Bybelboek

Ter illustrasie dien die perikoop Luk 6:1-11. Geplaas binne die konteks van Lukas 4-6, blyk dit dat die Evangelis 'n reeks insidente beskryf waarin telkens aangetoon word dat Jesus waarlik die Here is.[43] Hieruit blyk dit dat 6:5 die fokuspunt van die perikoop bevat: Jesus is Here óók van die Sabbat.

3.3.2.4.2.4.2 Openbaringshistoriese lyne van die Skrif as geheel en Skrif-met-Skrif vergelyking

In 'n sekere sin het elke Skrifdeel 'n besondere plek binne die geheel van die Skrifopenbaring en moet dit ook binne daardie geheel verstaan word. Dit geld natuurlik ook vir die fokuspunt van so 'n Skrifdeel. 'n Voorbeeld van 'n perikoop wat kwalik anders as vanuit die breë openbaringshistoriese lyne van die Skrif verstaan kan word, is die geslagsregister van Jesus in Matt 1:1-17.[44]

3.3.2.5 Teologiese sintese as *donum interpretationis*

Met die inligting wat uit die analitiese deel van die eksegese (bogenoemde) versamel is, moet die eksegeet nou oorgaan tot die belangrikste deel van die Skrifuitleg, naamlik die *sintese*. Van die eksegeet word onderskeidingsvermoë geverg wat slegs die Heilige Gees aan hom kan verleen en dit is wat bekend staan as die *donum interpretationis* (die gawe van interpretasie). Die gawe wat die Gees tot interpretasie gee, is egter nie iets soos 'n "inwendige lig" wat buite die Skrif om gegee word nie. Die eksegeet ontvang dit juis ín sy besig wees met die Skrif. Ook die sintese is onderworpe aan wetenskaplike kontrole. Die gewone wetenskaplike weg is dat die sintese sorgvuldig van al die onderdele van die Skrifdeel rekenskap

---

[40] 'n Gedagtestruktuurontleding van die perikoop laat blyk 'n rings-komposisie (diamantstruktuur). Aan die begin (18:9) noem Lukas die fokuspunt van die gelykenis: Jesus vertel die gelykenis met die oog op mense wat dink dat hulle in hulleself regverdig is en op ander neersien. Aan die einde van die perikoop gaan dit oor wie werklik *g*eregverdig is. Die fokuspunt van die gelykenis is nie in die optrede van die Fariseër en die tollenaar nie maar in die feit dat God ons voor Hom regverdig stel.

[41] Aangesien die eerste lesers van die Petrusbrief se sosiale en politieke omstandighede dié was van vreemdelinge (= uitlanders) en bywoners wat baie deur die landsburgers veronreg is, was hulle geneig om hulleself te verdedig deur terug onreg te pleeg. Daarom wil Petrus hulle oortuig om juis te midde van hulle uitlanderskap hulle steeds te gedra soos God dit wil hê. Hierdie algemene opdrag word in 1 Petrus 2:11-12 aangetref en kan geneem word as *fokuspunt* van die hele onderdeel van die brief (2:11-4:19).

[42] Die *fokuspunt* van hierdie perikoop is, histories beskou, 27:60: Jesus is begrawe. Ander historiese feite word as *bysake* gestel wat uiters belangrike ondersteuning aan die historiese feit van Jesus se begrafnis bied. Dit is sake soos wie Hom begrawe het (27:57-59), die ooggetuies van sy begrafnis (27:61), die verseëling van die graf deur die Jode (27:62-66).

[43] Jesus is Here oor die demone (4:31-37), Here oor siekte (4:38-40), Here van alle skepsels (5:1-11), Here oor siekte (5:12-26). En nou, in 6:1-11, is die *fokuspunt* weer Jesus se Here-skap: Hy is Here óók van die Sabbat.

[44] In die geslagsregister word die verbondslyn vanaf Abraham (1:1) tot by Christus getrek. Vanuit openbaringshistoriese oorwegings is dit duidelik dat die geboorte van Jesus juis die vervulling van die beloftes van die verbond was. Matteus 1:1 vermeld ook duidelik dat Christus "die seun van Dawid" is. Vanuit Skrif-met-Skrif-vergelyking is ook die openbaringshistoriese betekenis van Dawid duidelik: hy is die koning uit wie se nageslag die Messias gebore sou word. Beide die verbondslyn (Abraham) en die koningslyn (Dawid) word in 1:1 saamgetrek, wat dan as *fokuspunt* van die geslagsregister van Jesus beskou kan word.

moet gee – van opdrag én heilsfeit, van fokuspunt én bysaak. Die sintese mag nie die betekenis van die teks verlê tot iets anders as wat daar staan nie. Eerder wil dit deurdring tot die kern van die openbaring van God in die teks en wil dit in die hermeneuseproses hierdie openbaring oordra na die omstandighede van vandag. Dit kom uiteindelik by die vraag: Wat openbaar God hier aan ons, aan my? (vgl Grosheide 1929:66).

3.3.2.6 Hermeneuse as gawe van profesie

Ten einde te kan sê wat God "hier, vandag" sê, gaan die sintetiese eksegese oor na wat bekend staan as die hermeneuseproses. Dit is die proses waarin die resultaat van die hele eksegeseproses (grammaties-historiese analise en die sintese) waarin vasgestel is wat God in die betrokke Skrifdeel openbaar, oorgebring word na die leser of hoorder vandag. Vir die hermeneuseproses is daar nie vasgestelde reëls nie. Hierby is die gawe van profesie wat God deur sy Gees gee, onontbeerlik (vgl Rom 12:6-7; 1 Kor 14:3). By die proses van hermeneuse is dit belangrik dat die eksegeet ook 'n analise maak van eie sosiale konteks. Natuurlik beteken dit nie dat die sosiale konteks van die hoorders bepalend mag wees vir wat God sê nie, of 'n veto kan plaas op die resultaat van die eksegese nie. Daarom geld dieselfde wetenskaplike kontrole by die hermeneuse as wat by die teologiese sintese geld: dit moet berus op die resultate van die eksegese en sorgvuldig rekenskap gee van al die onderdele van die teks – opdrag, heilsfeit, fokuspunt en bysaak.

3.3.2.7 Geen meganiese reëls nie

Aangesien die hele eksegeseproses, in sy grammatiese fasette en in sy historiese fasette, maar veral in die proses van sintese en hermeneuse in werklikheid nie sonder die interpretasiegawe van die Heilige Gees kan geskied nie, is dit nie moontlik om dit as blote meganiese toepassing van hermeneutiese reëls te beoefen nie. Ook in die bepaling van wat werklik God se blywende opdrag vir ons vandag is en wat slegs as situatiewe opdragte beskou kan word, in die bepaling van wat die fokuspunt van 'n Skrifdeel is en wat bysake is, moet die Skrifverklaarder biddend werk dat die Heilige Gees hom die insig sal gee om te interpreteer en met die gawe van onderskeiding besig te wees.

3.4 *Bevinding tov Hermeneutiese Model*

3.4.1 Hierdie hermeneutiese model verskil in beginsel (vertrekpunte sowel as uitkomste) nie van vorige hermeneutiese modelle wat in studies van die GKSA gebruik is in die bestudering van die Skrif oor die saak van vroue in die besondere dienste nie.

3.4.2 Hierdie hermeneutiese model gee 'n verdieping in sekere aspekte van die hermeneutiese proses terwyl ander prosesse en die betekenis daarvan meer volledig in hierdie model as vorige modelle uitgewerk word.

3.4.3 Hierdie hermeneutiese model as tersaaklike vertrekpunt hou nie in dat enige bestaande Sinodebesluite na aanleiding van hierdie deel van die Rapport verander moet word nie (1.1 van Rapport).

4. Direk tersaaklike Skrifdele

4.1 *Handelinge 6:1-7*

4.1.1 Eerste verstaanswyse van Hand 6:1-7

4.1.1.1 Hand 6:1-7 die instelling van die diens van diaken

Handelinge 6 het tradisioneel as opskrif "kiesing van die sewe diakens"[45] en is so allerweë as die locus classicus vir die instelling van die besondere diens van die diaken binne die kerk van Christus beskou. Den Boer skryf hieroor soos volg: "Wij komen in dat hoofstuk weliswaar het woord diaken niet tegen. Maar wij mogen aannemen, dat wij hier te maken hebben met een arbeid in de gemeente, die de naam van diakonaat ten volle waard is".[46]

[45] OAV

[46] Den Boer C: Man en vrouw in bijbelse perspectief, p152.

Van Bruggen se oordeel oor Hand 6:1-7 is ietwat anders. Hy verwys na die sg "blikrichting van Handelingen 6" wat dan afgelei kan word uit die inleiding en afsluiting van die gedeelte nl. "dat die heilige Geest ons door Lucas doet vertellen hoe een dreigende ziekte (spanning/onenigheid oor die vroue wat oor die hoof gesien is) in het lichaam van de gemeente werd genezen".[47] Daarom beweer hy "dat Lucas Handelinge 6 niet heeft geschreven om ons eens volledig op hoogte te brengen van historiese details inzake de ambten in de Oude Kerk. Zijn verhaal bevat wel gegevens en details over die onderwerp, maar niet volledig, omdat het eigenlijke onderwerp een ander was".[48]

Grosheide verstaan dat in Hand 6:1-7 openbaar word "hoe er van het ene oorspronklijke ambt een deel afgaat en een eigen ambt voor een deel van de grote taak wordt ingesteldt".[49] Verder sê hy: "Wij zijn gewoon in Hand. 6:1-6 te lezen de instelling van het diakenambt. En dat is ook juist, al wordt de naam diakenen hier niet gebruikt".[50]

Calvyn in sy verklaring van Hand 6:1-6 begin met die volgende woorde (in Engels vertaal): "Luke declareth here upon what occasion, and to what end, and also with what rite, deacons were first made." Later skryf hy as verklaring van vers 6: "Laying on of hands was a solemn sign of consecration under the law. To this end do the apostles now lay their hands upon the deacons, that they may know that they are offered to God". Vir Calvyn is daar nie onsekerheid dat Hand 6:1-6 die instelling van die diens van diaken sou wees nie.

Konkluderend wil dit voorkom asof die heelwat erkende verklaarders Hand 6:1-7 beskou as die locus classicus t.o.v. die instelling van die diens van diaken. Enkeles wil daarmee verskil o.a dr J van Bruggen wat dit 'n onherhaalbare gebeure wil maak en prof JC Coetzee wat hierdie gedeelte verstaan as die beskrywing van 'n proto-amp waaruit die latere ampte sou ontwikkel het.

Laasgenoemde (proto-amp waaruit die latere ampte sou ontwikkel) is moeilik te versoen met die feit dat hierdie "amp" soos Grosheide dit beskryf 'n deel is wat van die "oorspronklijke ambt een deel afgaat". Hierdie standpunt word ook inhoudelik gedra deur die woorde van *Die Twaalf* in vers 2 "Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie" en vers 4 "maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord". Hieruit is dit duidelik dat *Die Twaalf* reeds in die diens gestaan het van "volhard in die gebede, bediening van die woord, bediening van die tafels" en ook volgens Hand 2:42 "in die gemeenskap/onderlinge verbondenheid" en daarom kan hierdie nie 'n proto-tipe wees van dienste wat hieruit sou volg nie. Reeds bestaande dienste was juis die oorsprong van hierdie diens.

4.1.1.2 <u>Die taak/diens van hierdie diakens volgens Hand 6:1-7</u>

Handelinge 6 maak duidelik dat hierdie diakens die bediening van tafels (bedoelende barmhartigheidsdiens – Den Boer, Grosheide, Calvyn / gemeenskap van die heiliges – Van Bruggen) moes behartig (verse 2 en 3). Barmhartigheidsdiens en die orden van die gemeenskap van die heiliges staan hier nie noodwendig teenoor mekaar nie. Wanneer die woorde van Die Twaalf in vers 4 in berekening gebring word nl dat hulle sal volhard in die gebed en die bediening van die woord, laat dit die diakens van Handelinge 6 met die gemeenskap/onderlinge verbondenheid en die breking van die brood (Hand 2:42) as die inhoud van hulle diens. Dat hierdie diens in die NT-kerk nog verdere ontwikkeling getoon het en dat dit nie ander dienste uitgesluit het nie (Stefanus en Filippus) word nie deur hierdie verstaan van Hand 6:1-7 uitgesluit nie.

---

47 Van Bruggen dr J: Ambten in de Apostolische Kerk, p66.
48 Van Bruggen dr J: Ambten in de Apostolische Kerk, p66.
49 Grosheide dr FW: Handelingen, p94.
50 Grosheide dr FW: Handelingen, p95.

4.1.1.3 Hoe kom hierdie diakens van Hand 6:1-7 in diens?

Vers 3 stel hulle is in hierdie diens "aangestel". Die Griekse woord hier gebruik is καταστήσομεν (Futurum Aktief Indikatief) van καθιστάνω / καθι❖στημι met die betekenis van "to assign to someone a position of authority over others – to put in charge of, to appoint, to designate".[51] Hierdie woord maak duidelik dat aan die diens van diaken soos ter sprake in Handelinge 6, gesag verbind is en dat by die uitoefening van hierdie diens gevolglik gesag bedien word. Brown dui ook die betekenis van die woord in Hand 6:3 aan as "appoint, especially to an office or position".[52] Kittel gee die verklaring van die woord ook in verwysing na Hand 6:3 as "to set in an elevated position, in an office".[53] Die diens van diaken behels dus volgens die verklaring van καθι❖στημι 'n gesagsfunksie wat inhou dat Christus se gesag deur hulle in hierdie diens bedien word.

Vers 6 stel hulle is die "hande opgelê" wat dui op 'n aksie van bevestiging. Grosheide wys dit met die volgende woorde uit "Dan vindt de handoplegging plaats, het teken van het stellen in het ambt".[54] Earle beskryf dit as volg: "The apostles prayed and laid their hands on them. This suggests an official ordination of these men to their special ministry. The pattern had already been set by the Jews".[55] Calvyn merk oor vers 6 in sy kommentaar oor die boek Handelinge die volgende op: "Laying on of hands was a solemn sign of consecration under the law. To this end do the apostles now lay their hands upon the deacons that they may know that they are offered to God."

4.1.1.4 Konklusie van eerste verstaanswyse van Hand 6:1-7

4.1.1.4.1 Hand 6:1-7 kan wel as die instelling van die diens van diaken verstaan word met die verdere ontwikkeling van die diens in die kerk wat van hier af aan plaasgevind het. Hier word op die minste die diens van diaken in proto-tipe aangedui.

4.1.1.4.2 Diakens volgens Hand 6:1-7 is in 'n gesagsfunksie aangestel (καθι❖στημι).

4.1.1.4.3 Diakens volgens Hand 6:1-7 is amptelik in hulle diens bevestig (hande opgelê).

4.1.1.4.4 Hoewel in Hand 6:1-7 slegs mans aangestel en die hande opgelê is, gee dit nie opsigself uitsluitsel oor die moontlikheid van vroue in die diens van diaken nie.

4.1.2 Tweede verstaanswyse van Hand 6:1-7

4.1.2.1 Hand 6:1-7 die instelling van 'n besondere diens waaruit die diens van diaken kon ontwikkel het

In die Gereformeerde tradisie word die oorsprong van die diens van diaken herlei na die verkiesing van die sewe manne in Handelinge 6 soos ondermeer uit die Bevestigingsformulier vir diakens blyk. Reeds van die begin van die vorige eeu word hierdie aanname egter bevraagteken (Coetzee 1967:44). Coetzee (1967:45) wys op die volgende eksegetiese probleme met die standpunt dat Handelinge 6 die instelling van die diakendiens beskryf:

(i) Die benaming 'diaken' word nie vir hulle gebruik nie. Hulle word wel 'die Sewe' genoem na analogie, maar ook in onderskeid van 'die Twaalf'.

(ii) Die feit dat die direkte noodsaak vir die verkiesing van die Sewe nie bloot lê in 'n administratiewe taak naamlik om die armes wat oor die hoof gesien is te versorg nie. Dit het gegaan oor murmurering in die gemeente, 'n verkeerde gesindheid by gemeentelede. Hierdie manne moes dus omsien na die goeie orde binne en regering van die gemeente. Hulle taak het ook die pastorale versorging van die gemeente ingesluit (vgl ook Versteeg, 1959:20).

(iii) Een deel van hulle taak word aangedui as 'die bediening van die tafels'. Coetzee (1967:47-48) stel dat hierdie taak ook die bediening van die Nagmaal ('die breking van die brood') ingesluit het aangesien die

---

51 Louw JP, Nida EA: Greek –English Lexicon of the New Testament, 37.104, vol 1, p484.
52 Brouwn C, Dictionary of New Testament, vol 1, p471-472.
53 Kittel G, Theologigal Dictionary of the New Testament, vol 3, p444.
54 Grosheide dr FW: Handelingen, p95.
55 Earle R, Beacon Bible Commentary, vol 7, p326.

liefdesmaaltye nie ’n afsonderlike maaltyd was nie maar die Nagmaalsviering ingesluit het.

(iv) Daar word nog net een keer in die NT (Hand 21:8) na die Sewe verwys. Van vyf van die sewe word daar nie weer in die Bybel melding gemaak nie. Die twee (Stefanus en Filippus) waarvan wel melding gemaak word, word gesien waar hulle die evangelie uitdra en tekens en wonders doen en apologeties preek (Versteeg, 1959:21). Die bediening van die Woord was dus ook nie van die taak van die Sewe geskei nie.

Coetzee (1967:49) konkludeer dat die taak van die Sewe ’n soort proto-amp was waaruit die diens van diaken kon ontwikkel het. Die taak van die Sewe was opsig oor:

(i) *Die versorging van die weduwees.*
(ii) *Die stoflike gemeenskap van die gelowiges.*
(iii) *Die eenheid en gemeenskapslewe van die gelowiges.*
(iv) *Die viering van die Nagmaal.*
(v) *Die verkondiging van die Woord en moontlik die bediening van die doop.*

Gerritsen (1953:58) kom ook tot die gevolgtrekking dat Handelinge 6 nie die instelling van die diens van diaken weergee nie aangesien die sewe nie ’n verdere rol speel in die boek Handelinge nie. Daar word wel herhaaldelik van die oudstes in die gemeente van Jerusalem gepraat (11:30; 15:2,4,6,22,23; 16:4; 21:18).

Die agtergrond vir die verkiesing van die Sewe moet dus eerder gesoek word in tradisie van die raad van oudstes of raad van die sinagoge wat ook uit sewe manne bestaan het (Versteeg, 1959:20). Die Sewe was waarskynlik ’n tweede diens wat uit die aposteldiens ontstaan het, mense wat ook later as die oudstes bekend was en waaruit moontlik weer die diens van ouderling en diaken kon ontwikkel het.

Volgens hierdie verstaanswyse word soms ook beredeneer dat Handeling 6 nie die instelling van die diakendiens beveel nie, maar die beginsel dat die gemeente strukture in plek moet stel om te verhoed dat enige iets die onderlinge gemeenskap en die voortgang van die evangelie verhinder.

4.1.2.2 Konklusie van die tweede verstaanswyse van Hand 6:1-7

4.1.2.2.1 Hand 6:1-7 is nie die instelling van die diens van diaken nie maar sekere elemente in die taak van die Sewe manne wat hier ter sprake is kon later ontwikkel het tot dit wat as die diens van diaken beskou sou word.

4.1.2.2.2 In die lig van die feit dat Hand 6:1-7 nie die instelling van die diens van diaken is nie gee dit nie enige uitsluitsel oor die diens van diaken en dus ook nie oor vroue in dié diens nie.

4.1.3 Tabellering van die konklusies (4.1.1.4 en 4.1.2.2) van die twee verstaanswyses van Hand 6:1-7

Eerste verstaanswyse	Tweede verstaanswyse
1. Hand 6:1-7 kan wel as die instelling van die diens van diaken verstaan word met die verdere ontwikkeling van die diens in die kerk wat van hier af aan plaasgevind het. Hier word op die minste die diens van diaken in proto-tipe aangedui. 2. Diakens volgens Hand 6:1-7 is in ‘n gesagsfunksie aangestel (καθι❖στημι). 3. Diakens volgens Hand 6:1-7 is amptelik in hulle diens bevestig (hande opgelê). 4. Hoewel in Hand 6:1-7 slegs mans aangestel en die hande opgelê is, gee dit nie opsigself uitsluitsel oor die moontlikheid van vroue in die diens van diaken nie.	1. Hand 6:1-7 is nie die instelling van die diens van diaken nie maar sekere elemente in die taak van die Sewe manne wat hier ter sprake is kon later ontwikkel het tot dit wat as die diens van diaken beskou sou word. 2. In die lig van die feit dat Hand 6:1-7 nie die instelling van die diens van diaken is nie gee dit nie enige uitsluitsel oor die diens van diaken en ook dus nie oor vroue in dié diens nie.

4.1.4 Bevinding oor Hand 6:1-7

4.1.4.1 Handelinge 6 gee opsigself nie uitsluitsel oor vroue in die diens van diaken nie.

4.2 *Romeine 16:1-2*

4.2.1 Die aktualiteit van die verklaring Rom 16: 1-2

Rom 16:1-2 maak deurentyd deel uit van die studie en/of debat of vroue in die besondere dienste mag staan al dan nie. Die vlak van beredenering deur kommentators/skrywers aangaande die toepaslike openbaring in hierdie verse, verskil aansienlik van mekaar.

4.2.2 **Febe nie in amptelike diens** (een verstaanswyse)

Die wat aanvoer dat Febe nie in amptelike diens gestaan het nie, se argumentasie sentreer hoofsaaklik rondom die feit dat διάκονον / διάκονος nie noodwendig die aanduiding van die diens/amp van diaken is nie.

Die woord διάκονος kom algemeen in die Nuwe Testament met 'n redelike wye toepassingsveld voor. Timoteus word 'n διάκονος (1 Tim 4:6), die twaalf διακόνεῖν (Hand 6:2), Christus διάκονον (Rom 15:8), die owerheid διάκονος (Rom 13:4) genoem sonder dat enige van die genoemdes in die diens van diaken gestaan of kon gestaan het. Waar die woord elders in die Nuwe Testament gebruik word, dui dit die meeste kere op diens wat deur dienaars verrig word. Die kere wat daar wel na die diens van diaken verwys word, is minder gereeld en duidelik aanwysbaar.[56]

Die argument word geopper dat Rom 16:1 wel een van die geleenthede is waar spesifiek na die diens van diaken verwys word asof Febe dan in hierdie diens sou staan. Die beredenering o.a. soos deur Clark aangehaal: "Because the word διάκονος can be translated either "deacon" or "servant" it is important to note that Paul did not choose to use the feminine form of the word but rather broke gender to identify Phoebe with the masculine form of the noun. This very strongly suggest that he was not simply calling her a servant ... but was rather using a formal term identifying her as a deacon".[57] Clark reageer hierop soos volg: "But where in Greek literature does such a feminine form of the word occur? Neither Liddell and Scott nor Arndt and Gingrich list any feminine form. On the contrary, they both cite passages in which the masculine form applies to women".[58]

Bogenoemde hou in dat die gebruik van die woord διάκονον nie per sé 'n tegniese term is en moet wees omdat dit in die manlike vorm gebruik word nie – dit is die enigste vorm waarin dit wel in die Nuwe Testament (ook Griekse letterkunde – Clark) voorkom.

Wat wel vasstaan volgens sekere verklaarders is: "Phoebe .... served in some very special and significant capacity of service in the church, but she was not a "deacon" in the offical sense of the term".[59]

Den Boer[60] en Hendriksen[61] stel dat die Rom 16:1-2 nie uitsluitsel gee dat Febe amptelik in die diens van diaken gestaan het nie. Clark stel "If the New Testament contained even a single instance of election and apostolic ordination of women as deacon, the fact would be conclusive. Without an example, however, the argument can never be conclusive. The best that can be done is to refer to Romans 16:1, where Phoebe is called diakonon, and from this infer that the church members had elected her and that the apostles thereupon ordained her. Such an inference is invalid. Note that in Acts 6:1 there was a daily diakonia before "deacons" were elected and ordained. The word originally was not the name of an ordained officer, but designated anyone who served the needs of others.[62]

In 'n Rapport van die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland word die volgende opmerking gemaak: "In view of the uncertainty with respect to the status

---

56 Fil 1:1, 1 Tim 3:8, 12, 13.
57 Clark GH: "The ordination of women" in JW Robbins se "The church effeminate", p228.
58 Clark GH: "The ordination of women" in JW Robbins se "The church effeminate", p228.
59 Knight III GW: The role relationship of men & women – New Testament teaching, p39
60 Den Boer C: Man en vrouw in bijbelse perspectief, p85.
61 Hendriksen W: New Testament Commentary Romans, p500/1.
62 Clark GH: "The ordination of women" in JW Robbins se "The church effeminate", p227/8.

and the content of Phoebe's work it must be concluded that there is insufficient evidence to determine the relationship between diaconess in Romans 16:1 and deacons in 1 Timothy 3:8ff".[63]

4.2.3 Konklusie oor Rom 16:1-2

4.2.3.1 Die gebruik van διάκονον / διάκονος is nie sonder meer die aanduiding van die diens van diaken nie.

4.2.3.2 Die gebruik van διάκονον / διάκονος vir persone beteken nie dat hulle noodwendig diakens was nie.

4.2.3.3 Die gebruik van die manlike vorm διάκονον / διάκονος waar vroue ter sprake is, is nie 'n noodwendige aanduiding dat die persoon in die diens van die diaken was nie.

4.2.3.4 Rom 16:1-2 gee nie duidelike aanduiding dat Febe in die diens van diaken gestaan het nie, maar wel dat sy besondere en belangrike dienswerk in die kerk verrig het.

4.2.3.5 Rom 16:1-2 kan nie as bewysplaas gebruik word vir die stel van vroue in die diens van diaken nie asof Febe dit sou gewees het.

4.2.4 Bevinding oor Rom 16:1-2

4.2.4.1 Die gegewens oor Febe in Rom 16:1-2 is onvoldoende om op grond daarvan enige deurslaggewende gevolgtrekking oor vroue in die diakendiens te maak.

4.3 *1 Timotheus 3: 1-16*

In die studie oor die vrou in die diens van diaken tov 1 Tim 3, sentreer die debat hoofsaaklik rondom 1 Tim 3:11. Die verwysing hier na vroue het volgens sommige drie verstaanswyses:[64]

(a) Vroue wat op diakonale terrein diens verrig.
(b) Vroue van diakens.
(c) Vroulike diakens.

4.3.1 Eerste verstaanswyse: Vroue wat op diakonale terrein diens verrig

'n Eerste verstaanswyse is dat 3:11 verwys na vroue wat in 'n afsonderlike kategorie naas opsieners en diakens, wat in die perikoop genoem word, dien. [65] Sulke vroue is nie in 'n besondere diens gestel nie maar doen wel dienswerk op diakonale terrein.

Beredenering vir verstaanswyse	Beredenering teen verstaanswyse
1. Die plek van ὡσαύτως in 3:11: Hierdie woord, soos in 3:8, dui moontlik hier in 3:11 'n nuwe kategorie binne die kader van die kerklike dienswerk aan. Dit word moontlik bevestig deur die parallellie tussen 3:8 (διακόνους ὡσαύτως σεμνούς) en 3:11 (γυναῖκας ὡσαύτως σεμνάς),	1. Die feit dat daar nêrens elders in die Skrif duidelike aanduiding van sodanige afsonderlike (nie-besondere) diens is nie.[67] Die perikope Rom 16:1 (Febe) en 1 Tim 5:9-14 (die diens van die weduwees) sou egter wel verstaan kon word as ondersteunend vir hierdie standpunt. 2. Die feit dat 3:11 hiervolgens nie bloot net

63 Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland: Final Report by committee on women and office, p46.

64 Die plek van die Vrou in die Kerk: Bylae by die Rapport in die Aanvullende Agenda Nasionale Sinode 1988, p50.

65 De Boer EA: Zij aan Zij, p112.

66 Schwertley (1988:6-30) gee 'n uitvoerige oorsig uit die vroeg-Christelike geskrifte oor die posisie van vrouens wat in die vroeë kerk diakonale dienswerk gedoen het, vanaf die *Didache* (± 100nC) tot by die Sinode van Chalkedon (451 nC). Hy toon aan dat daar in die geskrifte nêrens sprake is van vroue wat in dieselfde amptelike diakonale diens as mans gedien het nie. Daar is wel duidelik sprake van vroue wat dienswerk op diakonale terrein verrig het sonder om soos die opsieners, ouderlinge of diakens amptelik daartoe bevestig te wees. Hulle kan as "diakonesse" beskou word. Dit blyk dat die posisie en werksaamhede van diakonesse ingerig was volgens die vereistes van 1 Tim 5:9 e.v. Gevolglik het hulle posisie en werk opmerklik verskil van dié van die diakens. Anders as die diakens moes 'n diakones ten minste 60 jaar oud wees (die Sinode van Chalkedon, 451 nC, het die ouderdomsperk afgebring na 40); sy moes 'n weduwee wees of ten minste ongetroud (wat waarskynlik later in die Roomse Kerk tot die nonne-ordes ontwikkel het); sy het onder toesig van 'n diaken en biskop gewerk; haar barmhartigheidswerk en hulpverlening was slegs tot vrouens beperk, en sy kon vroulike bekeerlinge onderrig in die geloof. Hoewel diakonesse vanaf die 3de eeu in die Oosterse Kerk 'n vorm van bevestiging ontvang het, was dit egter nooit 'n amptelike bevestiging tot 'n formele kerklike diens nie. Die Sinode van Nicea (325 nC) stel dit duidelik (Schwertley se vertaling): "And we mean by deaconesses such as have assumed the habit, but who, since they have no imposition of hands, are to be numbered only among the laity." In die brief van Plinius aan Trajanus (± 113 nC) verwys hy na twee dienaresse (*ancillae*) wat diakonesse (*ministrae*) genoem word. In die lig van die kerkhistoriese getuienis maak dit die beste sin om te aanvaar dat die *ministrae* waarna Plinius verwys het 'n vroeë vorm van sulke "diakonesse" was.

albei sonder lidwoord. 2. Die feit dat die verwysing na “vroue” (3:11) ingebed is in die deel wat handel oor “diakens” (3:8-12): Hierdeur word moontlik aangedui dat die dienswerk van hierdie vroue op die terrein van die diakonale dienswerk geleë is. Die feit dat 3:11 vereistes vir hierdie vroue stel wat gedeeltelik met die vereistes vir diakens ooreenkom, maar in belangrike opsigte daarvan verskil: Veral opmerklik is dat die vereiste dat hulle eers ‘n proeftyd moet deurmaak, en eers daarna kan dien (3:10), by die vereistes vir die vroue ontbreek. Hierdie differensiasie in vereistes dui op die moontlikheid van ‘n differensiasie in diens. Die verdere gestaltegewing van hierdie (nie-besondere) diens van vroue in die vroeë kerkgeskiedenis: Daar is getuienis dat vroue dienswerk op diakonale terrein verrig het sonder om soos die opsieners, ouderlinge of diakens amptelik daartoe bevestig te wees. Hulle is as “diakonesse” beskou.[66]	ingebed is in 3:8-12 nie, maar inderwaarheid die behandeling van die vereistes vir manne-diakens (3:8-10,12) onderbreek. 3. Die parallellie tussen 3:8 (διακόνους ὡσαύτως σεμνούς) en 3:11 (γυναῖκας ὡσαύτως σεμνάς) hoef nie noodwendig op ‘n nuwe kategorie van dienswerk te dui nie, maar kan ook spesifieke vereistes vir vroue wat in die bestaande diakendiens staan, stel.

4.3.2 Tweede verstaanswyse: Vroue van diakens

‘n Tweede verstaanswyse is dat die woorde γυναῖκας ὡσαύτως in 3:11 verstaan moet word asof daar ‘n αὐτῶν na γυναῖκας staan. Dit hou dan in dat hier bedoel word: “die vroue van diakens”.

Beredenering vir verstaanswyse	Beredenering teen verstaanswyse
1. Die feit dat 3:11 ingebed is in die gedeelte wat oor die diakens handel (3:8-12). Paulus kon dit nodig geag het om spesifieke vereistes vir die diakens se vroue in Efese te stel.	1. Die feit dat die voornaamwoord ♋◆♦⬩■ (van hulle) ontbreek ná γυναῖκας: As dit in 3:11 oor vroue van diakens gegaan het, sou ‘n mens ‘n αὐτῶν ná vroue verwag het. Die plek van ὡσαύτως in 3:11: Hierdie woord, soos in 3:8, dui moontlik ook hier in 3:11 ‘n nuwe kategorie binne die kader van die kerklike dienswerk aan. Dit word verder bevestig deur die parallellie tussen 3:8 (διακόνους ὡσαύτως σεμνούς) en 3:11 (γυναῖκας ὡσαύτως σεμνάς), telkens sonder lidwoord.

[67] Volgens hierdie verstaanswyse is dit ‘n ongeldige vertrekpunt om te stel dat ‘n vrou slegs ‘n besondere diens kan vervul, indien daar in die Bybel voorbeelde is van vroue wat só gedien het. Anders gestel: die enigste geldige afleiding uit die feit dat Paulus in sy uiteensetting van die vereistes vir ouderlinge (3:1-7), slegs oor mans praat, is dat daar in Efese waarskynlik slegs mans as ouderlinge gedien het. Om hieruit af te lei dat hy hiermee ‘n voorskrif gee dat vroue nie as ouderlinge mag dien nie, is ontoereikende eksegese as dié interpretasie nie vanuit ander Skrifdele ondersteun kan word nie.

[68] Daar is egter ‘n alternatiewe standpunt hieroor: die feit dat daar nie kwalifikasies vir ouderlinge se vrouens gestel word nie, word volgens hierdie standpunt soos volg verklaar: (1) Vir die vroue van diakens word vereistes gestel, omdat hulle betrokke is/behoort te wees/kan wees by hulle mans se diakenwerk. Die aard van diakenwerk vereis baie kere dat vroue met vroue sal werk, om enige sweem van onbehoorlikheid te voorkom. Dit pas ook in by die groot plek wat vroue in die Bybel as versorgers kry, dat hulle op die diakonale terrein sal help. (2) By ouderlinge is daar nie vereistes vir vroue nie, omdat vroue in die kerk nie aan die besondere dienswerk van (amptelike) leer- en regeerwerk mag meedoen nie. Ouderlinge se vroue mág nie deelneem aan hulle mans se dienswerk nie.

	Die feit dat daar nie kwalifikasies óók vir ouderlinge se vrouens gestel word nie: By gebrek aan laasgenoemde kan dus aanvaar word dat 3:11 heel moontlik *nie* oor die vroue van diakens gaan nie.[68]

4.3.3 Derde verstaanswyse: Vroue in die diens van diaken

'n Derde verstaanswyse is dat 3:11 verwys na vroulike diakens.

Beredenering vir verstaanswyse	Beredenering teen verstaanswyse
1. Die parallellie tussen 3:8 (διακόνους ὡσαύτως σεμνούς) en 3:11 (γυναῖκας ὡσαύτως σεμνάς) kan dui op spesifieke vereistes vir vroue wat in die bestaande diakendiens staan. 2. Hierdie verstaanswyse veroorsaak dat daar nie 'n onderbreking van die vereistes vir persone wat in die diakendiens staan (3:8-12), plaasvind nie. Die vereiste vir vroue-diakens word juis vóór dié in 3:12 gestel, omdat 3:12 s'n ("moet manne van een vrou wees, en hulle eie huise goed regeer) nie vir vroue kan geld nie.	1. Die feit dat bepaalde eienskappe wat vir diakens (manspersone) geld by die noem van vroue in hierdie perikoop herhaal word asof hulle nie in die eerste groep (diakens) ingesluit sou wees nie. Dan is daar weer eienskappe wat slegs by die manne as diakens genoem word terwyl dit by die vroue afwesig is asof hulle aan die spesifieke vereistes wat uit die eerste gedeelte vir diakens sou geld, hoef te beantwoord nie. Die feit dat die proeftyd (3:10) nie ook as vereiste by die vroue gestel word nie, word nie genoegsaam deur hierdie verstaanswyse verreken nie. Die feit dat daar nêrens elders in die Skrif duidelike aanduiding van vroulike diakens is nie.

4.3.4 Bevinding oor 1 Tim 3:11

4.3.4.1 1 Tim 3:1-16 verwys heel moontlik na drie groepe nl opsieners, diakens en vroue (δεῖ ... εἶναι en ὡσαύτως en afwesigheid van lidwoord).

4.3.4.2 Opsigself gee 1 Tim 3 nie uitsluitsel oor enige van bogenoemde verstaanswyses nie maar in samehang met ander Skrifgedeeltes word dit wel gebruik ter ondersteuning van verskillende verstaanswyses.

4.3.4.3 Dat hier wel na spesifieke vroue verwys word wat belangrike diens in die kerk verrig het, is waarskynlik.[69]

4.4 *1 Tim 5: 3-16*

Met die bestudering van 1 Tim 5: 3-16 beweer sommige dat daar drie moontlike verstaanswyses tov die gedeelte bestaan nl.

(i) 'n Praktiese maatreël vir die versorging van "hulpeloses"

(ii) 'n Aparte besondere diens waarin slegs weduwees dien

(iii) Geen besondere diens nie, maar 'n reëling vir watter weduwees versorg moet word

[69] In 'n Rapport van die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland word soos volg verklaring gegee van 1 Tm 3:11: "In Timothy 3 Paul writes about qualifications to be met who serve the church. In verses 2 to 7 he focuses on bishops and elders and verses 8 to 13 on deacons. In between there is a reference to women. What women does the apostle have in mind? The context makes clear that he cannot possibly think of all women in the church. Paul's main focus is elders and deacons. Consequently a consideration of women in general at that point is unlikely. Does he mean the wives of deacons, as some translations suggest? This view is open to criticism. In the first place the possessive pronoun *their* does not appear in the original text. Furthermore, it would appear to be outside Paul's train of thought to suddenly switch the attention to the wives of deacons. It is therefore most likely that the women referred to in 1 Timothy 3:11 belonged to a third category, apart from the elders and deacons mentioned by Paul. It had to do with a group of women who had been called to a special function in the church. ..... It suggests that there are two categories of deacon: one type of deacon who handles all aspects of diaconal work including leadership, and another type of deacon who focuses on practical work under the direction of the former". Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland: Final Report by committee on women and office, p46/7.

4.4.1 Eerste verstaanswyse: 'n praktiese maatreël vir die versorging van "hulpeloses"

Die beginsel waaroor dit hier gaan, is dat 'n gemeente moet sorg dra dat daar die nodige strukture (of: besondere dienste) is om te verseker dat daar in die gemeente goed omgesien word na "hulpeloses". Paulus handel in 1 Timoteus 5 nie oor in watter dienste vroue kan dien nie. Hy is besig om vir 'n konkrete situasie van destyds en gegewe die benarde posisie waarin 'n weduwee in daardie kultuur beland het, praktiese maatreëls te skep om te verseker dat hierdie kategorie "hulpeloses" nie oor die hoof gesien word nie en dat die genoemde beginsel toegepas word.

4.4.1.1 Konklusie van eerste verstaanswyse

Om uit Paulus se voorskrifte oor die "lys van dienende weduwees" die afleiding te maak dat daar ook vandag so 'n besondere diens moet wees, en dat dit die plek is waar gelowiges wat vroulik is en weduwees is, in 'n besondere diens kan en mag dien, is onoortuigend.

4.4.2 Tweede verstaanswyse: 'n aparte besondere diens waarin slegs weduwees dien

1 Tim 5:3-16 word beskou as 'n gedeelte waarin enersyds oor die versorging van weduwees en andersyds oor dienswerk van die weduwees in die gemeente gehandel word. Hierdie perikoop vorm deel van 'n groter geheel (5:1-6:2) waarin Paulus aan Timoteus voorskrifte gee oor hoe om verskillende groepe in die gemeente herderlik te hanteer. Hy dui aan dat twee van die groepe spesifiek met eerbied hanteer moet word: weduwees (5:3 "Eer die weduwees wat waarlik weduwees is") en ouderlinge (5:17 "Laat die ouderlinge wat goed regeer dubbele eer waardig geag word."). Dit blyk dat 5:3-16 as onderliggende tema het dat ware weduwees geëer moet word. Weduwees behoort daarom

(i) eervolle versorging in die gemeente te ontvang (5:3-8)
(ii) ere-dienswerk in die gemeente te kan verrig (5:9-16)

Hendriksen onderskryf hierdie verstaanswyse van 'n aparte besondere diens slegs vir weduwees en is van oortuiging "there is sufficient evidence to show that in the early church such a body of widows, with definite functions actually existed."[70]

In hierdie verstaanswyse is die gebruik en betekenis van die woord καταλε❖γεσθῳin vers 9 van besondere belang. Die verklaring van καταλεγε❖σθω of dan καταλε❖❖γῳword deur Louw en Nida soos volg weergegee: "καταλε❖❖γω: to enroll a person as a member of a group – to put ones name on a list, to enter someone on a list"[71].

Die gebruik van hierdie woord in 1 Tim 5 verwys verder na 'n spesiale taak (meer as wat elke gelowige se plig is), wat sekere weduwees in die gemeente verrig het, wat in die gemeente erkenning gevind het en wat georganiseerd was. Uit die verband waarin hierdie verse staan (die van sorg aan hulpbehoewende weduwees – 'n eg diakonale terrein, vgl. Hand 6:1-6), kan afgelei word dat hierdie besondere taak verband hou met diakonale werksaamhede en veral met die versorging van weduwees ('n soort van weduwee-tot-weduwee taak). Die vereistes wat vir hierdie weduwees gestel word, dui ook sterk in die rigting van 'n ondersteuning- en versorgingstaak.[72]

Uit die kerkgeskiedenis blyk dit dat die vroeë kerk wel 'n afsonderlike diens van vrouens (1 Tim 3:11) onderhou het, spesifiek verbind aan die vereistes en dienswerk van die weduwees soos opgeteken in 1 Tim 5:9-10.

Bouma onderskryf ook hierdie diens van vroue maar spreek die "amptelikheid" daarvan aan juis deur die verklaring van καταλεγε❖σθω. Hy skryf "καταλε❖γεσθαι heeft hier niet de beteekenis van: uitkiezen. Het woord daarvoor zou zijn ἐκλεψεσθαι καταλε❖γεσθαι is opsommen, ergens inschrijven, op een lijst, b.v. soldaten, senatoren, burgers. Het samenstellen van een katalogus. .... Van een verkiezing dezer "kerklike weduwen" is hier geen sprake nie. Dus ook niet van het bekleeden van een ambt, gelijk door velen is aangenomen. Want het bekleeden van een kerklijke ambt is gebonden aan verkiezing, aanstelling, inzetting in het ambt. Van

[70] Hendriksen W: New Testament Commentary 1&2 Thessalonians, 1&2 Timothy and Titus, p173.
[71] Louw JP, Nida EA: Greek –English Lexicon of the New Testament, 37.104, vol 1, p394.
[72] Acta 2003:579, 3.9.2

dat alles is hier geen sprake. Slechts de verkeerde vertaling van het woord καταλε❖γεσθαι heeft aanleiding kunnen geven tot deze meening. Weduwen in de gemeente kunnen zonder een bepaald ambt te bekleeden dienst verrichten, werk, dat op vrouwenterrein ligt, vgl. 3:11."[73]

4.4.2.1 Konklusie van tweede verstaanswyse

4.4.2.1.1 In hierdie gedeelte verwys Paulus duidelik na spesifieke weduwees[74] wat geestelike en versorgingswerk in die kerk verrig het.

4.4.2.1.2 Hierdie weduwees moes aan sekere vereistes voldoen.

4.4.2.1.3 Die gebruik van die woord καταλεγε❖σθω in vers 9 maak duidelik dat hulle nie tot hierdie dienswerk verkies is nie, maar dat hulle name op 'n lys in die gemeente, wanneer hulle oor die nodige kwalifikasie beskik, geplaas is.

4.4.2.1.4 καθι❖στημι soos in Handelinge 6, sou ook hier die aangewese woord vir gebruik wees sou hierdie weduwees tot 'n besondere diens gekose was. Sekere vertalings (o.a. OAV – 1933/53) is misleidend met die gebruik van die frase "gekies word".

4.4.3 Derde verstaanswyse: geen besondere diens nie, maar 'n reëling vir watter weduwees versorg moet word

Anders as in die vorige verstaanswyses word in die derde verstaanswyse nie aanvaar dat daar in die gedeelte "oor twee fasette van die probleem van weduwees in die gemeente" gehandel word nie, maar slegs oor een faset, naamlik oor die versorging van die weduwees. Die lys ter sprake wil voorkom of dit 'n lys was vir weduwees wat op 'n permanente basis versorg moes word.

Op grond van 'n gedagtestruktuurontleding[75] blyk die volgende:

Die opdrag wat Paulus in 5:3 gee dat weduwees wat waarlik weduwees is geëer moet word, is 'n deurlopende tema in die gedagte-eenheid. Dit blyk uit die volgende:

(i) Ná die opdrag in 5:3 maak Paulus dadelik in 5:4 duidelik dat 'n weduwee wat kinders het wat vir haar kan sorg, nie waarlik 'n weduwee is wat versorg moet word nie. Hy sluit die gedeelte oor weduwees ook met dieselfde gedagte af (5:16).

(ii) Drie keer in die gedeelte kontrasteer hy weduwees wat waarlik weduwees is met weduwees wat nie waarlik weduwees is nie. In 5:4-5a kontrasteer hy weduwees wat kinders het wat vir haar kan sorg, met weduwees wat werklik alleen gelaat is. In 5:5b-6 kontrasteer hy weduwees wat op God hoop en in smekinge en gebede volhard, met weduwees wat losbandig is en daarom lewend dood is. Hy stel in die derde plek in 5:9-15 weduwees wat vroom geleef het, teenoor jong weduwees wat moontlik 'n sondige lewe kon begin lei.

(iii) In die kern van die gedeelte (5:7-8), gee Paulus 'n opdrag aan Timoteus "Beveel hierdie dinge, sodat hulle onberispelik kan wees." Wat "hierdie dinge" is en wie presies beveel moet word, blyk uit 5:8. Dit is die naasbestaandes van 'n

---

[73] Bouma C dr: Kommentaar op het Nieuwe Testament – De brieven van den apostel Paulus aan Timotheus en Titus, p179

[74] Daar word ook beredeneer dat hierdie vroue se diens wel 'n vaste diens was:

1. Daar is 'n onderskeid tussen die besondere dienste wat die gesag van Christus bedien, ander vaste/georganiseerde vorme van dienswerk, en spontane ad-hoc dienswerk met die gawes wat die Here gee.
2. Spesifieke vroue se dienswerk was 'n vaste, georganiseerde diens. Febe word 'n "dienares van die gemeente" genoem (Rom 16:1-2). Sy het dus 'n vorm van formele erkenning in die gemeente geniet, wat dui op meer as die gewone dienswerk van gelowiges. Ook die gebruik van die meer tegniese uitdrukking (*diakonon ousan*) dui daarop dat dié dienswerk 'n vaste instelling was en 'n spesifieke formaat gehad het. Ook in 1 Tim 5:9 wys die feit dat daar vir hierdie vroue spesiale vereistes gestel is daarop dat hulle meer as die gewone dienswerk van vroue in die amp van die gelowige gedoen het. Ook die opskrywing/insluiting wys op 'n georganiseerde en gekontroleerde taak wat hierdie vroue uitgevoer het.

Tog is hierdie vroue telkens te onderskei van die mans wat as diakens gedien het:

1. Rom 16:1-2. *Diakonos* dui in die NT net enkele kere iemand in die diens van diaken aan en dan ook net waar dit saam met die term wat die diens van ouderling aandui, gebruik word (Fil 1:1 en 1 Tim 3:8, 12). *Prostatis* is ook nie 'n woord wat op 'n diens-met-gesag dui nie. 1 Tim 3. Die feit dat daar minder vereistes vir die vroue as vir die (manlike) diakens gestel word, dui op 'n verskil in dienspligte. Die werk van die (manlike) diakens blyk omvattender te wees as die fasette waarin die vroue diens gedoen het.
2. 1 Tim 5. Die feit dat die weduwees hier afsonderlik bespreek word en nie saam met die ander besondere ampte in 1 Tim 3 nie, kan daarop dui dat die apostel hulle dienswerk duidelik wil onderskei van dié van die besonder dienste.

[75] Breed DG, J van Rensburg F, Jordaan GJC: Manlik en vroulik in die kerk, p173

weduwee wat beveel moet word en hierdie naasbestaandes moet opdrag gegee word om die weduwees te versorg.

Dit sou baie vreemd wees indien Paulus in 'n gedeelte wat duidelik handel oor watter weduwees geëer moet word, skielik sou skryf oor sekere weduwees wat een of ander verantwoordelikhede in die gemeente moet verrig.

4.4.3.1 Konklusie van derde verstaanswyse

Daar is in 5:3-16 nie een enkele aanduiding dat Paulus handel oor vroue wat sekere verantwoordelikhede het nie. Paulus stel slegs vereistes waaraan vroue moet voldoen. Dit sou baie moeilik wees om uit vereistes wat gestel word, af te lei dat die weduwees wat ter sprake is, ook sekere bedieningsverantwoordelikhede gehad het.

4.4.4 Vergelykende toepassings van verskillende verstaanswyses

Verstaanswyse 1	Verstaanswyse 2	Verstaanswyse 3
'n Gemeente moet sorg dra dat daar die nodige strukture (of: besondere dienste) is om te verseker dat daar in die gemeente goed omgesien word na "hulpeloses" soos die weduwees in 1 Timoteus 5. Geslagtelikheid behoort in die besondere dienste in hierdie verband nie 'n rol te speel nie.	1 Tim 5:9-10 getuig daarvan dat vroue oor wie daar goeie getuienis is, offisieel aangewys moet word om barmhartigheidswerk in die gemeente te verrig. Sulke vroue is nie in die besondere diens (van diaken) gestel nie maar verrig dienswerk op diakonale terrein.	Paulus verwys in 1 Tim 5:9 met die weduwees wat gelys moet word, na weduwees wat op 'n permanente basis deur die gemeente versorg moes word.

4.4.5 Bevinding

4.4.5.1 Die drie verskillende verstaanswyses is hermeneuties geoorloof en eksegeties houdbaar.

4.4.5.2 Daar is nie eenstemmigheid oor die eksegetiese oortuigingskrag van die onderskeie verstaanswyses nie.

4.4.5.3 Eksegeties is daar 'n sterk moontlikheid dat hier verwys word na vroue wat spesifieke dienswerk met die strekking van barmhartigheid en liefdesbetoning in die kerke verrig het.

5. Indirek tersaaklike Skrifdele

5.1 *1 Korintiërs 11:4 en 14: 34*

5.1.1 Eerste verstaanswyse van 1 Kor 14:32-36 dat vroue nie in die besondere diens kan staan nie

Onder die eerste verstaanswyse is daar twee maniere waarop 1 Kor 14:34 verstaan word. Die eerste moontlikheid behels dat in hierdie Skrifdeel vroue verbied word om in gemeentelike samekomste te praat deur te bid of te profeteer. Die tweede moontlikheid is dat sy verbied word om aan die beoordeling van profesieë tydens die gemeentelike samekomste deel te neem.

5.1.1.1 Eerste moontlikheid: Nie in die erediens bid of profeteer nie

Volgens hierdie moontlikheid verwys 1 Kor 14:34 na optrede tydens gemeentelike samekomste. By daardie geleenthede word vroue, as gevolg van die onderdanigheid wat hulle aan hulle mans verskuldig is, nie toegelaat om te praat nie maar moet hulle swyg. Dit beteken dat vroue nie tydens die gemeentelike samekomste as voorgangers van die gemeente mag optree, onder meer deur te bid of te profeteer nie.[76] Hierdie verklaring, wat wyd in Gereformeerde kringe onderskryf word, hou in dat vroulike lidmate nie in kerklike eredienste die leiding mag neem deur voor te gaan in gebed of prediking nie.

[76] Grosheide, K.V.:176

5.1.1.2 Tweede moontlikheid: nie profesieë beoordeel nie

Uit 1 Kor 14:29 blyk dit dat elke profesie, amptelike of nie-amptelik, in die gemeente beoordeel of getoets moes word of dit getrou is aan die gesonde leer van die apostels of nie. Uit 'n ontleding van die gedagtestruktuur van 1 Kor 14[77], word dit duidelik dat die sogenaamde "swyggebod" van 1 Kor 14:34-35 nie in isolasie gelees moet word nie aangesien dit ten nouste verband hou met die beoordeling van profesieë: in die gemeentelike samekomste mag vroue nie aan die beoordeling van profesieë deelneem nie. As dit by die beoordeling van profesieë kom, moet hulle stilbly.

(i) Waarom moet hulle stilbly? Omdat vroue in die erediens toonbeeld van onderdanigheid moet wees (34c: "hulle moet onderdanig wees ...), en dit terwyl die beoordeling van profesieë 'n tipiese regeertaak is (32: "Die geeste van die profete is aan die profete onderworpe ...:).

(ii) Waarom moet hulle onderdanig wees? Nie as gevolg van 'n samelewingsgebruik of een of ander tydelike omstandigheid nie maar omdat "die wet dit sê" (34d). "Die wet" verwys hier soos op baie ander plekke in die Nuwe Testament na die geskrewe woord van die Here. Paulus maak dit dus duidelik dat hier 'n Skrifbeginsel aan die orde is, nl dat 'n vrou deur haar optrede niks moet doen wat haar erkenning van haar man se hoofskap in gedrang bring nie (vgl 1 Kor 11:3-10). Onderdanigheid van die vroue in die kerk dien as toonbeeld van die kerk wat aan háár Hoof, Jesus Christus, onderdanig is (vgl 1 Kor 11:3-4; Ef 5:21-33).

(iii) Hoe moet vroue dan maak as hulle vrae oor die profesie het of iets meer daaroor te wete wil kom? Vers 35b: "laat hulle tuis hul eie mans vra."

(iv) Waarom kan hulle dit nie in die samekoms doen nie? Vers 35c: "Want dit is lelik vir vroue om in die gemeente te spreek."

Vir die opdragte in 34a en 35b word dieselfde begronding gebruik, maar verskillend bewoord. In 34 word die opdrag gemotiveer met "soos die wet sê", en in 35 met "dit is lelik (αἰσχρο❖v) vir 'n vrou om in die kerk te praat". Hierdie αἰσχρο❖v is, anders as in 11:6, nie net horisontaal skandelik nie, maar ook vertikaal (in aansluiting by "soos die wet sê"), maw dit is 'n Skrifgegewe onaanvaarbaarheid.

Hoewel die opset van die destydse gemeentelike samekomste beslis van die hedendaagse eredienste verskil het, bring die perikoop 'n baie belangrike beginsel na vore. God het aan vroulike lidmate in die kerk 'n besliste onderdanigheidstaak opgelê, naamlik dat sy erkenning moet gee aan die man se hoofskap – waardeur sy getuig van die kerk wat die Hoofskap van haar bruidegom, Jesus Christus, erken, vgl 1 Kor 11:3-7; Ef 5:21-33. Een besondere wyse waarop vroulike lidmate hierdie unieke taak tot uitvoer moet bring, is deurdat hulle nie aan die toesig oor die prediking ('n taak wat vandag tipies aan die regeerdiens van ouderlinge is) behoort deel te neem nie. In vandag se terme gestel: vroue behoort nie deel van die Kerkraad te wees nie.

5.1.2 Tweede verstaanswyse van 1 Kor 14:32-36 dat vroue in die besondere diens kan staan

Die tweede standpunt beskou die "swyggebod" in verse 34 en 35 as een van verskeie ordereëlings aan die einde van 1 Kor 14: ordereëlings t.o.v. die spreek in tale (verse 27-28), die profesieë (verse 30-33) en die optrede van vroue in die gemeentelike samekomste (verse 34-35). Hierdie onderskeie ordereëlings hou nie direk met mekaar verband nie maar moet elk op sy eie beoordeel word. Die kwessie van vroue wat tydens die samekomste gepraat het, gaan dus nie oor vroue wat bid of profeteer nie (vgl 1 Kor 11:5) of wat in tale spreek nie. Dit is 'n soort praat wat verbied word wat anders is as profesie[78] waarvan in verse 24-25 sprake is (in 1 Kor 11:5 is daar in elk geval sprake van vroue wat "gebid en profeteer" het).

---

[77] Breed DG, J van Rensburg F, Jordaan GJC: Manlik en vroulik in die kerk, p123-124

[78] Dit gaan ook nie oor praat by die beoordeling van profesieë nie. Hiermee word Grosheide (Comm op het NT), Bruce (New Century Bible) e.a. se verklaring van vers 32 gevolg eerder as dié van Calvyn, Floor, Horseley, e.a. Grosheide e.a. verstaan

Watter soort praat word dan in hierdie verse verbied? Vir ’n antwoord op hierdie vraag moet gekyk word na die noue verband tussen 14:34 en 14:35: vers 35a (“as hulle iets te wete wil kom”) is ’n samevatting van die probleem onderliggend aan die “praat” van die vroue in die gemeentelike samekoms. Die probleem het ontstaan wanneer vroue in die gemeentelike samekomste vrae oor onduidelikhede begin vra het. Binne die destydse samelewing is sulke onafhanklike optrede van vroue beskou as ’n miskenning van hulle mans se hoofskap. In 35b word die oplossing vir die probleem gegee: “hulle moet tuis hulle eie mans vra.”

Die Skrifbeginsel wat hier aan die orde is, is dat ’n vrou deur haar optrede (i.c. in die gemeentelike samekoms) niks moet doen wat haar erkenning van haar man se hoofskap in gedrang bring nie (34c-d: “hulle moet onderdanig wees, soos die wet ook sê”). As hulle egter op hulle eie in die samekoms opstaan en vrae vra in plaas daarvan om tuis hulle vrae met hulle mans uit te klaar, het hulle deur hulle optrede hulle mans se hoofskap in gedrang gebring. Die “swyggebod” verbied dat vroue in die samekomste vrae vra en dat op so ’n wyse haar man se hoofskap in gedrang gebring word.

Hierdie perikoop verbied vroue dus nie om in die besondere diens van diaken te funksioneer nie vir solank sy nie daardeur haar man se hoofskap uitdaag of in gedrang bring nie.

5.1.3 Tersaaklike gevolgtrekkings

5.1.3.1 Albei verstaanswyses veronderstel dat vroue in die gemeentelike samekoms van Korinte geprofeteer, gebid, gepraat, en in tale gespreek het. Die swyggebod (14:34-35) dui dus nie op ‘n algehele stilswye nie en die λαλεῖν (14:34) verwys dus na ‘n gekwalifiseerde “praat”.

5.1.3.2 Volgens die eerste verstaanswyse verwys die verbod op λαλεῖν (14:34) na die verbod op die beoordeling van profesieë. Die opdrag aan vroue om in die gemeentelike samekoms te swyg, beteken dus dat vroue nie aan die beoordeling van profesieë mag deelneem nie. Omdat die beoordeling van profesieë met die ouderlinge se toesig oor die gesonde leer verband hou en dus eie aan die regeerdiens is, beteken dit dat vroue in die lig van 1 Kor 14:34 nie in die besondere diens van regering (ouderling) mag funksioneer nie.

5.1.3.3 Volgens die tweede verstaanswyse verwys λαλεῖν (14:34) na die feit dat vroue tydens die gemeentelike samekomste vrae gevra het en só hulle mans se hoofskap in gedrang gebring het. Hierdie perikoop bied geen uitsluitsel oor die vraag of vroue in besondere dienste mag funksioneer nie. Daar kan egter afgelei word dat vroue, as hulle wel in die besondere dienste funksioneer, dit só moet doen dat hulle nie hulle erkenning van hulle mans se hoofskap oor hulle, onder ‘n vraagteken bring nie.

5.1.4 Bevinding

5.1.4.1 Die twee verskillende verstaanswyses is hermeneuties geoorloof en eksegeties houdbaar.

5.1.4.2 Daar is egter nie eenstemmigheid oor die eksegetiese oortuigingskrag van die onderskeie verstaanswyses nie.

5.2 *1 Timoteus 2:12*

Dit is duidelik dat daar in hierdie brief van die vrou verwag word om onderdanig te wees uit erkenning van die man se hoofskap[79] en dat die vrou se onderdanigheid gemotiveer word in die lig van die skeppingsorde (1 Tim 2:13)[80] en die sondeval (1 Tim 2:14). Daar is egter twee verstaanswyse wat verskil oor die vraag of 1 Tim 2:8-15 gaan oor voorskrifte vir die optrede van die man en die vrou by gesamentlike byeenkomste en of dit gaan oor voorskrifte vir hulle optrede in die huwelik. Volgens die eerste

---

vers 32 (“die geeste van die profete is aan die profete onderworpe”) as aanduiding dat profesieë nie onbeheerbaar is nie maar deur die profeet wat dit uitspreek beheer kan word. Daarom kan elke profeet sy beurt afwag om te praat (vers 30). Ook die 1983-vertaling van vers 32 kom met hierdie verklaring ooreen: “ ’n Profeet het immers beheer oor sy gees.”

79 Soos reeds in in twee van Paulus se vroeëre briewe, 1 Korintiërs 11 en Efesiërs 5, uiteengesit en gemotiveer is.

80 Soos in 1 Korintiërs 11.

verstaansmoontlikheid bied 1 Tim 2:8-15 dan grond om vroulike lidmate nie in die diens van leer en/of regeer te stel nie; volgens die tweede verstaanswyse bied dit geensins so ’n grond nie en kan vroulike lidmate dus wel in sodanige diens gestel word.

’n Belangrike kwessie om by hierdie verstaansverskil uit te maak, is die vraag hoe “elke plek” in 2:8 verstaan moet word: Gaan dit in 2:8 oor die manne se gebede in die gesamentlike byeenkomste, of hulle persoonlike gebede? Die antwoord op hierdie vraag is bepalend vir die daarmee samehangende vraag: Gaan dit in 2:9-15 oor vroue se gedrag in die erediens, of in die huwelik?

5.2.1 <u>Eerste verstaanswyse van 1 Tim 2:12 dat vroue nie in die besondere diens kan staan nie</u>

In 1 Timoteus gee Paulus pastorale advies aan Timoteus as voorganger van die gemeente in Efese oor hoe die kerk as “huisgesin van God” (3:15) moet funksioneer. In 1 Tim 2 wys Paulus daarop dat die gemeente die gestalte moet aanneem van ’n biddende kerk. In 2:1-7 toon hy aan dat die gemeente se gebede tot welwese van die hele samelewing moet dien, veral dat hulle gebede uiteindelik daartoe moet lei dat almal die evangelie sal hoor en sodoende “tot kennis van die waarheid” (2:4) mag kom.

In 2:8-15 gee hy ’n aanduiding van hoe die gemeente se optrede “op elke plek” ordelik ingerig moet word. Hierdie “op elke plek” word in vers 8 self gekwalifiseer as elke plek waar gebid word. Dit sou dus dui op alle geleenthede waar die gemeente saamkom om te bid en te aanbid (Douma). In hedendaagse terme: by elke erediens. Eers verwys die teks na die manne se optrede by hierdie samekomste (2:8), en daarna die vroue se optrede (2:9-15). Van sowel mans as vroue word gepaste optrede by sulke geleenthede vereis.

Die gepaste optrede is egter nie tot die samekomste van die gemeente beperk nie, aangesien sulke optrede, blykens 2:10, goeie werke insluit. Gelowiges se goeie werke word tog sigbaar in die daaglikse handel en wandel. Ook 2:15 bevestig dat, hoewel hierdie perikoop sy begin by die gemeentelike samekomste het, die ordelike optrede wat daarin geleer word beslis ook vir die lewe van gelowiges in die algemeen geld. Die algemene optrede van gelowiges behoort dus ooreen te stem met hulle optrede wat by die erediens pas[81].

Wat 1 Tim 2:11-12 se opdrag ten opsigte van die vroue se optrede in die gemeentelike samekomste en gemeentelike lewe betref, is daar ’n opvallende ooreenkoms met 1 Kor 14:34-35.

(i) In beide gedeeltes stel die Here deur die apostel Paulus die orde wat Hy wil hê daar moet wees wanneer sy gemeente rondom Woord en gebed saamkom.

(ii) In beide gedeeltes ontvang vroue die besondere opdrag om hulle in stilte te laat leer en om nie self die woord te neem nie. In beide gedeeltes word die opdrag gemotiveer, nie uit samelewingsgebruike of uit persoonlike voorkeure van die apostel nie, maar uit die Ou Testament.

(iii) In 1 Tim 2 word die openbaringshistoriese lyn gevolg terug tot by die skepping: “*Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva*”. Die optrede van vroue word gevolglik bepaal deur die spesifieke skeppings(volg-)orde wat God aan die begin gegee het, die skeppings(volg-)orde wat volgens 1 Kor 11 die grond vir die man se hoofskap oor die vrou is. In die gemeentelike samekomste en gemeentelike lewe oor die algemeen moet vroue hulle dus in lyn met die skeppings(volg)-orde in stilswye laat leer as toonbeeld van die kerk wat uit eerbied aan haar Hoof Christus, stilswyend na sy woorde luister.

(iv) 1 Tim 2:14 trek die openbaringhistoriese lyn deur na die sondeval: *“Dit is ook nie Adam wat verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat verlei het en die gebod oortree het.”* Binne die konteks gaan dit duidelik nie in hierdie vers oor wie by

---

[81] Hierdie algemene optrede sou uiteraard ook die optrede binne die huwelik insluit. Om egter die ♏e♂■ □♋■♦♓ ♦□❖□⬩♎ (2:8) te verstaan asof dit (primêr) na die verantwoordelikhede binne die huwelik verwys, ignoreer volgens hierdie verstaanswyse die eksplisiete gebedskonteks van die teks. Daarom is die mees waarskynlike verstaan hiervan dat dit verwys na elke plek/geleentheid van aanbidding, soos deur byna alle eksegete aanvaar word.

die sondeval die eintlike skuldige was (Adam of Eva) nie, maar oor wie by die sondeval die leiding geneem het. Adam, wat as hoof die leiding moes neem, het die leiding aan Eva oorgelaat en haar in die sondeval gevolg. Albei het ewe veel gesondig en was ewe skuldig. Die punt is: man en vrou moet die besondere plek wat God aan elkeen toegeken het, eerbiedig. Hierdie punt pas Paulus toe op die swyggebod vir vroue.

5.2.1.1 Tersaaklike gevolgtrekkings

Vroue behoort, vanweë die besondere posisie wat aan hulle in onderskeid van mans gegee is, nie enige posisie in te neem waarin hulle aan die gemeente leiding moet gee nie.[82] Op hierdie wyse gee vroue uitdrukking aan die onderdanigheidsopdrag soos begrond in die skepping en die sondeval.

5.2.2 Tweede verstaanswyse van 1 Tim 2:12 dat vroue in die besondere diens kan staan

Volgens hierdie standpunt gee Paulus in 1 Tim 2:8-15 voorskrifte van hoe gelowige manne en vroue hulle as deel van God se huishouding (3:15) in die huwelik moet gedra, sodat ongelowiges tot kennis van die waarheid sal kom (2:4; vgl ook 3:15c). In die konteks van die verwoesting wat die dwaalleer ten opsigte van die huwelik veroorsaak het (4:3), gee Paulus eers vir die manne opdrag hoe hulle hulle in die huwelik moet gedra ("heilige hande" is 'n voorwaarde vir gebed) (2:8). Daarna gee hy aan die vroue opdrag hoe hulle hulle in die huwelik moet gedra (2:9-11). Hierdie voorskrifte begrond hy in die skeppings- en sondeval-geskiedenis (2:13-15).

5.2.2.1 **"Op elke plek"** (ἐν παντὶ τόπῳ - 2:8)

Die frase ἐν παντὶ τόπῳ kan in Afrikaans oorgesit word as "op elke plek". Die 1983-Vertaling laat blyk dat τόπῳ verstaan word as "plek van samekoms". In 2:11 maak die 1983-Vertaling 'n invoeging uit dieselfde semantiese veld. In 2:11a staan daar: Γυνὴ ἐν ἡσυχίᾳ μανθανέτω ("'n vrou moet haar in stilte laat leer"). Om hierdie frase weer te gee met "'n vrou moet in die erediens haar laat leer", laat blyk dat die hele perikoop 2:8-15 verstaan word as voorskrifte vir die erediens. Ten spyte van die feit dat hierdie verstaanswyse wyd aanvaar word, is daar nie grond uit die perikoop self om die voorskrifte te beskou as spesifiek en uitsluitlik op erediens-gedrag gerig nie.

Τοπός in die frase ἐν παντὶ τόπῳ kan ook verstaan word as "in elke opsig". Louw & Nida[83] toon aan dat die woord ook in die semantiese veld "doen" gebruik kan word en wel vir die betekenis *'n rol wat aktiwiteit en verantwoordelikheid inhou*, met verwysing na Handelinge 1:25.[84] Gevolglik gaan dit in die perikoop vanaf 2:8 níé noodwendig oor die erediens nie. Derhalwe kan die voorskrifte wat in 1 Timoteus volg, verstaan word as voorskrifte wat nie op gedrag in die erediens gerig is nie, maar op gedrag binne die huwelik.

5.2.2.2 Die opdrag aan die manne in 2:8

Paulus gee in 2:8 opdrag dat manne hulle moet verantwoord dat hulle hande heilig is voor hulle bid. Hulle hande wat hulle in gebed ophef, moenie met toorn en twis besmet wees nie. Hierdie "toorn en twis" verwys na onenigheid in die huwelik. Teen dwaalleer wat die huwelik geminag het (4:3), stel Paulus die korrekte optrede van manne binne huwelik. Manne, as deel van die "huis van God" (3:15), moet deur hulle gedrag teenoor hulle vroue 'n "lewe in godsvrug en waardigheid lei" (2:2),

---

[82] Volmaakte leiding word gegee deur ons Here Jesus Christus, wat as Leidsman (Heb 12:2) en Opperherder (1 Pet 5:4) van sy kerk optree. Die leiding wat Hy gee, behels die volgende: soos 'n herder se leiding aan sy skape beteken dat hy hulle van gevare beskerm (Ps 23:4), liefdevol versorg (Ps 23:1) en die regte rigting laat inslaan (Ps 23:3) so beskerm die Here sy kerk (Jes 40:11), versorg dit liefdevol (Ps 77:21; Jes 40:11; Opb 7:17) en laat sy kerk die regte koers (heilsweg) inslaan (Jes 48:17; Rom 2:4; Opb 7:17). Hy lei (versorg, beskerm en dui koers aan vir) sy kerk deur sy Gees (Joh 16:13; Rom 8:15) en sy Woord (Ps 25:5; 43:3; 2 Tes 13,14). Daartoe maak die Here gebruik van menslike instrumente (Ps 77:21). In die NT stel Hy dienaars aan om oor sy kerk toesig te hou (1 Pet 5:2), dit te versorg (Joh 21:17; Hand 20:28), dit te beskerm (Joh 21:16; Hand 20:29-31) en met die gesonde leer (2 Tim 3:10-4:5) die kerk as liggaam van Christus toe te rus (Ef 4:12; 2 Tim 3:17) en te lei (1 Kor 11:1,2) op die pad na die saligheid (Titus 2:11-16). Om in hierdie dinge leiding te gee, beteken nie net om die koers vir die gemeente aan te dui nie (1 Tim 4:13; 2 Tim 3:16,17) maar ook om vir die gemeente daarin 'n voorbeeld te wees (1 Tim 4:12). Daarom is dit 'n vereiste dat iemand wat in die gemeente leiding neem ook in sy eie huis op korrekte wyse die leiding moet neem (vgl 1 Tim 3:4, 12: ouderlinge en diakens moet hulle eie huise goed regeer).

[83] 1988a, p513

[84] Vgl ook Köster 1975:205-206

sodat God die Verlosser (2:3) hulle lewe kan gebruik om mense tot "die kennis van die waarheid" (2:4) te bring. Op hierdie manier sal die manne bydrae dat die gemeente "'n pilaar en grondslag van die waarheid" (3:15) sal wees, teenoor die vals leer wat die huwelik ondermyn het (4:3).

5.2.2.3 Die opdrag aan die vroue in 2:9-12

Paulus gee in 2:9-12 eerstens opdragte ten opsigte van versiering (2:9-10); tweedens gee hy opdragte ten opsigte van leer, onderrig en gesagsuitoefening (2:11-12). Hierdie opdragte is gerig op hulle optrede binne die huwelik.

(i) Oor leer

Vroue moet "hulle in stilte laat leer in alle onderdanigheid" (2:11). Die gesindheid waarin hulle moet leer, is in innerlike kalmte (ἐν ἡσυχίᾳ, 2:11-12).[85] Dit is duidelik uit 2:12, waar verwys word na vroue se verhouding met mans, dat van vroue verwag word om aan mans onderdanig te wees. Omdat Paulus hier handel oor die huwelik, gaan dit oor onderdanigheid van vroue aan hulle eie mans, soos in Ef 5.

(ii) Oor onderrig en gesagsuitoefening

Dit is belangrik om die woord διδα❖σκειν in die opdrag "ek laat die vrou nie toe om te διδάσκειν nie" (2:12) reg te verstaan. Uit die konteks blyk dit dat dié woord hier verwys na "voorskryf". Vroue mag dus volgens 2:12 nie aan die man (hulle eie mans) 'voorskryf' nie. Naas die verbod op voorskryf vir mans, verbied Paulus ook dat die vrou gesag oor haar man uitoefen (αὐθεντεῖν). Die wyse van gesagsuitoefening wat hier ter sprake is, word uit 2:12 duidelik: sy word verbied om oor hom gesag uit te oefen deur vir hom voor te skryf.

(iii) Die tweeledige begronding van die opdragte aan die vrou

Die opdragte aan die vrou word in die Ou Testament begrond.

(1) Eerstens verwys Paulus na die skeppingsvolgorde van die mens (2:13). Paulus beklemtoon dat Adam eerste gemaak is, en Eva tweede. Hierdie volgorde in 2:13 hou in dat vroue in onderdanigheid en met innerlike kalmte van hulle mans moet leer (2:11) en nie aan hulle mans voorskryf en só gesag oor hulle uitoefen nie (2:12). Dit blyk dat Paulus uit die skeppingsvolgorde aflei dat God aan mans 'n sekere posisie gegee het, wat deur hulle vroue erken moet word. Dit kom ooreen met die hoofskapgedagte in 1 Korintiërs 11; vgl ook 1 Korintiërs 14 en Efesiërs 5.

(2) Tweedens verwys Paulus na die feit dat nie Adam verlei is nie, maar Eva (2:14). Paulus argumenteer hiermee dat Eva die leiding geneem het, en daarmee nie haar man se hoofskap erken het nie. Sy het dus nie die onderdanigheid wat in 2:11 ter sprake is, geopenbaar nie. Inteendeel – sy het gedoen wat Paulus in 2:12 gelowige vroue verbied om te doen. In 2:15 stel Paulus dat Eva, nadat sy verlei is in 'n staat van oortreding gekom het en dat alle vroue daardeur in hierdie staat verkeer (vgl die 3de persoon mv in 2:15). Dit is opmerklik dat vroue volgens 2:15 gered kan word deur kinders te baar en in geloof, liefde en heiligmaking met ingetoënheid te bly. Dit blyk dat Paulus hier die vals leer rondom die huwelik in gedagte het (vgl 4:3). Vroue sal, as hulle anders as wat die vals leraars verkondig het, die huwelik en daarmee saam "kinders in die wêreld bring," hoog ag, toon dat hulle vashou aan die waarheid, en dit met geloof en met hulle lewe bevestig.

5.2.2.4 Tersaaklike gevolgtrekkings

1 Tim 2:8-15 beklemtoon, soos elders in die Skrif, die hoofskap van die man en die eis dat die vrou aan haar man onderdanig moet wees. Alhoewel hierdie gedeelte nie handel oor die besondere dienste nie, hou dit beslis in dat die vrou op geen wyse – ook al sou sy in 'n besondere diens staan – haar erkenning van haar man se hoofskap in gedrang behoort te bring nie.

[85] vgl Louw & Nida 1988a, p327

5.2.3 Bevinding

5.2.3.1 Die twee verskillende verstaanswyses is hermeneuties geoorloof en eksegeties houdbaar.

5.2.3.2 Daar is egter nie eenstemmigheid oor die eksegetiese oortuigingskrag van die onderskeie verstaanswyses nie.

5.3 *Galasiërs 3:26-29*

Die hooftema van die brief is in 2:15-21: die gelowige word geregverdig deur die geloof en nie deur wetsonderhouding nie. Indien Paulus met die woorde "Jood of Griek" in 3:28 eintlik na besnedenes en onbesnedenes verwys, pas dit goed in by die hooftema van die brief. Paulus bestry immers die vals leraars wat aangedring het dat gelowiges hulle moes laat besny. Paulus sou dan beklemtoon dat die besnydenis nie relevant is vir die mens se verlossing nie, aangesien regverdiging alleen deur geloof in Jesus Christus verkry word.

Dit is egter nie duidelik hoe Paulus se verwysing in 3:28 na "slaaf of vryman" en "man en vrou" inpas by die doel van die brief nie. Dit kom nie in die brief na vore dat die vals leraars op enige wyse iets aangaande die verhouding tussen slaaf en vryman, en man en vrou verkondig het nie.

Dit val op dat Paulus in 3:26 sê dat die gelowiges "almal" kinders van God is. Deur die woord "almal" heel eerste in die sin te plaas, word uitdruklik beklemtoon dat by die "julle" (dit is die lesers), waarna in 3:26 verwys word, almal ingesluit is (Arichea & Nida 1975:83; Ridderbos 1976:147). Hierdie insluiting van almal word nog verder beklemtoon as hy in die volgende vers sê dat "soveel as wat" in Christus gedoop is, hulle met Christus beklee het. Nie een van dié wat in Christus gedoop is, is dus uitgelaat nie – hulle is almal met Christus beklee. Ook in 3:28 sê Paulus dat almal in Christus een is.

Die vraag ontstaan waarom Paulus in 3:26, nadat hy in 3:1 - 5:1 oor regverdiging alleen deur die geloof handel, skielik soveel klem daarop laat val dat *almal* ingesluit is. Wanneer die vals leer wat Paulus bestry, in ag geneem word, word dit duidelik waarom die insluiting van almal beklemtoon word. Die vals leraars het in hulle aandrang dat die lesers besny moes word en Joodse wette moes onderhou, daarmee eintlik geïmpliseer dat die lesers nie werklik deel is van die nageslag van Abraham nie. Om werklik met die Joodse Christene een te wees, moes hulle hulle laat besny. Wanneer die gedeelte 3:1 - 5:1 in die lig van hierdie feit beskou word, blyk dit dat Paulus nie bloot dogmaties duidelik wil maak dat iemand net deur die geloof regverdig kan wees nie.

5.3.1 Bevinding

5.3.1.1 Gal 3:26-29 handel nie oor die vrou in die besondere diens nie.

5.3.1.2 Dit werp wel lig op die feit dat alle gelowiges, ook vroue, in Christus deel het aan die verbondsbeloftes aan Abraham wat volgens 'n bepaalde verstaanswyse wel implikasies kan hê vir vroue se dienswerk in die kerk.

5.4 *Efesiërs 5:21-33*

Paulus is besig om, onder leiding van die Heilige Gees, te wys hoe die gelowige sy lewe van elke dag moet inrig. By 5:21 kom hy by riglyne vir Christene se gedrag binne verskillende gesagsverhoudings. Eers gee hy 'n algemene beginsel vir alle gesagsverhoudings (5:21),[86] en dan gee hy gedragsriglyne vir drie spesifieke verhoudings:

(i) Die verhouding tussen man en vrou in die huwelik (5:22-33)
(ii) Die verhouding tussen ouers en kinders (6:1-4)
(iii) Die verhouding tussen eienaars en slawe (6:5-9)

5.4.1 Die algemene beginsel vir alle gesagsverhoudings (5:21)

Die oorkoepelende beginsel vir alle gesagsverhoudings is: *Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig*. Die uitdrukking *uit eerbied vir Christus* (*in vrees vir*

[86] Daar is ook twee ander moontlike funksies wat 5:21 kan hê: (1) Dié vers kan verstaan word as die inleidingsvers slegs van die perikoop oor die huweliksverhouding, sodat die opdrag tot onderdanigheid aan mekaar net van toepassing is op die huweliksverhouding (5:21-33). (2) Dié vers kan verstaan word as die afsluiting van die voorafgaande perikoop (5:6-21), sodat die opdrag tot onderdanigheid aan mekaar bloot vir gelowiges in die algemeen in hulle verhouding met mekaar geld, en nie spesifiek vir die huweliksverhouding of die verhouding tussen eienaars en slawe of die verhouding tussen ouers en kinders nie.

Christus) beteken dat Christus se verhouding met ons en ons verhouding met Hom die bepalende faktor in ons gesagsverhoudings moet wees. Albei partye in die gesagsverhouding, sowel die gesagsdraer as die gesagsonderdaan, word opgeroep om hulle verhouding met mekaar op Christus te modelleer, op só 'n wyse dat sy hoofskap oor die kerk daardeur tot uitdrukking gebring word. Nie net wat Christus wil hê nie, maar ook Christus se eie optrede word dus as model voorgehou. Paulus pas hierdie beginsel op al drie die genoemde gesagsverhoudings toe; slegs die verhouding tussen man en vrou in die huwelik (5:22-33) is egter nou tersaaklik.

5.4.1.1 Opdrag aan die vrou nie in isolasie te verstaan nie

Soos altyd met opdragte aan twee partye in 'n verhouding (byvoorbeeld ouers-kinders, en eienaars-slawe), kan die opdrag aan die vrou (5:22-24) nie op sigself reg verstaan word nie, maar net in terme van die opdrag aan die ander party, naamlik die man. God se opdrag aan die vrou is: *Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees* (5:24). Op sigself genome sou hierdie opdrag grond gee vir die standpunt dat die vrou in absolute sin onder die heerskappy van die man is. Eers wanneer die opdrag aan die man egter daarmee saamgelees word, word dit moontlik om die opdrag aan die vrou reg te verstaan. Die opdrag aan die man is: *Julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad het en sy lewe vir haar afgelê het* (5:25). Dit is dus nie 'n geval van een (die vrou) wat onderdanig is en die ander (die man) wat heers nie. Eerder is dit 'n geval van man en vrou wat – uit eerbied vir Christus – aan mekaar onderdanig is. Hierdie wedersydse onderdanigheid word in die volgende verse gedifferensieer en verbesonder.

5.4.1.2 Uitsluitende opdragte aan man en vrou

Oppervlakkig geoordeel klink dit asof die vrouens net moet onderwerp en die mans net moet liefhê (5:22-25). Dit is egter nie geval nie. In 5:21 staan dit reeds duidelik dat albei partye aan mekaar onderdanig moet wees. Elders in die Bybel is nóg 'n ander opdrag wat albei partye omvat, naamlik dat alle gelowiges mekaar moet liefhê (1 Joh 4:7[87]). *Onderdanig wees* en *liefhê* geld dus vir alle gelowiges. In die huwelik vind hierdie twee opdragte nou verbesondering: vir die vrou vind die verbesondering ten opsigte van die onderdanigheidsopdrag plaas. Alle gelowiges moet aan mekaar onderdanig wees, maar in die huwelik is dit die besondere taak van die vrou om onderdanig te wees. Vir die man, aan die ander kant, vind die verbesondering ten opsigte van die liefhê-opdrag plaas, en wel op só 'n wyse dat die man se hoofskap Christus se hoofskap weerspieël. Alle gelowiges moet mekaar selfkruisigend liefhê, maar in die huwelik is dit die besondere taak van die man. Man en vrou moet dus albei mekaar liefhê, en albei moet aan mekaar onderdanig wees, maar in die huweliksverhouding moet die vrou uitmunt in onderdanigwees aan haar man, en die man in selfverloënde liefde vir sy vrou.

5.4.1.3 Die huweliksverhouding as beeld vir die verhouding tussen ons en God

Paulus sê dat daar in die huweliksverhouding tussen man en vrou 'n diep geheimenis opgesluit lê, en hy pas dit toe op die verhouding tussen Christus en die kerk.[88] Hierdie feit lê 'n groot appèl op elke egpaar. Elke man is geroep om die liefdevolle selfopofferende Hoofskap van Christus oor sy kerk sigbaar uit te beeld deur self as liefdevolle selfopofferende hoof vir sy vrou op te tree. Elke vrou is geroep om deur haar liefdevolle diensbaarheid en gehoorsaamheid aan haar man, toonbeeld te wees van die gehoorsame en diensbare liefde van die kerk aan háár Hoof, Christus.

5.4.2 Bevinding

5.4.2.1 Uit Ef 5:21-33 kan nie direk afgelei word of die vrou in die diakendiens mag dien, al dan nie.

5.4.2.2 Ef 5:21-33 werp wel waardevolle lig op hoe Christus se Hoofskap oor sy kerk die vrou se optrede jeens haar man en die man se optrede jeens sy vrou bepaal.

---

[87] 1 Joh 4:7: "[7]Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God."

[88] Ef 5:32: "[32]Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk."

5.4.2.2.1 Die vrou en die man se rolle in die huwelik is nie omruilbaar nie.

5.4.2.2.2 Die vrou se gehoorsaamheid aan haar man word geyk op die gehoorsaamheid van die kerk aan Christus. Die man se hoofskap oor sy vrou word geyk op die hoofskap van Christus oor sy kerk.

6. Sintese

6.1 *Kerkregtelike aspekte*

Die volgende gevolgtrekkings mag veral tersaaklik wees in die bestudering van geslagtelikheid in die diens van diaken:

6.1.1 By die besondere dienste gaan dit om nederige dienswerk en nie om heerskappyvoering in die kerk nie (vgl 2.1).

6.1.2 Die besondere dienste vind sy oorsprong nie by die mens nie, maar by God. Die aard en funksionering daarvan word dus deur God bepaal (vgl 2.2).

6.1.3 Die besondere diens, in onderskeid van die dienswerk van alle gelowiges, omvat ’n spesifieke opdrag, ’n spesifieke en blywende pligstaat, ’n persoon wat aan spesiale vereistes voldoen, ’n roeping deur die Here, openlike diensaanvaarding en bevestiging, en die gemeente se gehoorsame onderwerping aan die goeie leiding wat gegee word (vgl 2.3).

6.1.4 Die diakens se diens is om sorg te dra vir die onderlinge hulpverlening en gemeenskap in die gemeente deur dit te inisieer, te koördineer, te bestuur en mense daarvoor toe te rus (vgl 2.4).

6.1.5 Christus is die enigste Hoof van die kerk. Mense het daarom in hulleself geen gesag nie. Mense in besondere dienste bedien die gesag van Christus. Hulle tree dus op met bedienende gesag en is hieroor verantwoording verskuldig aan die Koning van die kerk (vgl 2.4).

6.1.6 Die Here het slegs die bevoegdheid om die sleutelmag te gebruik aan die kerk opgedra. Dit gaan dus by die besondere dienste oor bevoegdheid (*potestas*) maar nie oor eie gesag (*auctoritas*) nie (vgl 2.4).

6.1.7 Nie alle gawes lei tot ’n besondere diens in die kerk nie. Genadegawe en besondere diens val dus nie noodwendig saam nie (vgl 2.2).

6.2 *Hermeneutiese model*

6.2.1 Dieselfde hermeneutiese model as dié waarvan vorige studies van die GKSA uitgegaan het, is in hierdie Rapport gebruik, en verder verfyn.

6.3 *Skrifperspektiewe op vroue en hulle diens in die kerk*

6.3.1 <u>Algemene tersaaklike Skriflyne</u>

6.3.1.1 Volgens Gen 1 het God die mens geskep. Hy het hulle manlik en vroulik geskep, na sy beeld. In Gen 2 word die differensiasie geopenbaar dat die man die leiding moet neem, en die vrou moet optree as sy hulp wat by hom pas. Volgens die een verstaanswyse geld hierdie skeppingsordening vir mans en vroue slegs in die huweliksverhouding en nie in die algemeen en in die samelewing nie. Volgens die ander verstaanswyse geld dit ook in die kerk.

6.3.1.2 By die sondeval het die vrou eerste gesondig en het die man sy hoofskap versaak deur die vrou se sondige leiding te volg. Die gevolg van die sondeval is dat die man se hoofskap neig tot heerssug, en die vrou, in plaas van onderdanigheid, neig om oor die man te wil heers.

6.3.1.3 God openbaar dat Hy, benewens die diens van alle gelowiges, ook besondere dienste in sy kerk gee, en mense daartoe roep.

6.3.1.4 Niemand het van nature in hom-/haarself enige hoedanigheid wat hom/haar geskik maak vir ’n besondere diens nie (ook nie op grond van sy/haar geslag nie).

6.3.1.5 Die Heilige Gees gee op die regte tyd die regte gawes aan die kerk.

6.3.1.6 Die Heilige Gees gee gawes volgens sy wil aan mans en vroue.

6.3.1.7 Die Heilige Gees gee die gawes wat in die besondere dienste nodig is. Nie alle persone wat hierdie gawes ontvang, word deur God geroep om dit juis in die besondere dienste te gebruik nie.

6.3.1.8 Die Skrifbeginsels vir die verhouding tussen man en vrou het implikasies vir die vraagstuk oor geslagtelikheid in die besondere dienste. Volgens die een

verstaanswyse openbaar God dat vroue nie tot die besondere dienste geroep word nie, maar dat hulle gawes op ander maniere aangewend behoort te word. Volgens die ander verstaanswyse openbaar God dat geslagtelikheid nie 'n rol in die roeping om in die besondere dienste te dien, speel nie.

6.4 *Hoofskap as besondere Skriflyn in die Nuwe Testament*

6.4.1 Christus se hoofskap as vertrekpunt

Uit die Skrifstudie het dit duidelik geword dat die hoofskap van Christus 'n besondere openbaringslyn in die Nuwe Testament as geheel uitmaak, en in baie opsigte verbind word aan die dienswerk van gelowiges in die kerk (vgl 5.1 en 5.4; vgl ook NGB, art 31). Die besondere dienste behoort só ingerig te wees en te funksioneer dat dit geen twyfel laat nie dat Christus die enigste Hoof van sy kerk is. Die man-vrouverhouding behoort die hoofskap van Christus op 'n besondere wyse af te beeld.

6.4.2 Hoofskap in die huwelik

Die duidelikste openbaring van Christus se hoofskap is in Efesiërs 5:21-33. In Efesiërs 5 word geleer dat die verhouding tussen man en vrou in die huwelik 'n sigbare illustrasie is van die verhouding tussen Christus en sy kerk (vgl 5.4). "Die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die kerk" (Ef 5:23), en "soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees."

Uit Efesiërs 5:31 blyk dit dat die hoofskap van die man oor sy vrou iets is wat God reeds by die skepping gegee het. Die feit dat "die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef" (Gen 2:24), wys daarop dat die man die leiding neem in die vorming van 'n nuwe gesin wat onder sy eie hoofskap sal staan (vgl 6.3.1.1). Die hoofskap van die man in die huwelik is dus 'n Godgegewe werklikheid. Hy is die een wat in die huwelik die leiding moet neem. Ook die vrou se hulpskap (Gen 2:18) is 'n Godgegewe werklikheid. Sy is die een wat haar man liggaamlik, geestelik en emosioneel moet aanvul en haar aan sy leiding moet onderwerp (Ef 5:22).

Die feit dat die man hoof is en sy vrou die hulp is wat by hom pas, maak egter nie een van die twee meerderwaardig of minderwaardig nie. Sowel man as vrou is in Christus gelykelik kinders van God en as sodanig mede-erfgename van sy verbondsbeloftes (Gal 3:28; 1 Pet 3:7). Tog bly die man hoof en die vrou hulp, en die twee rolle is nie uitruilbaar nie. Die man se hoofskap beteken egter nie oorheersing nie, en die vrou se hulpskap beteken ook nie slaafse onderhorigheid nie. Dit blyk alreeds by die skepping dat die man se hoofskap liefdevolle leidinggewing behels (vgl 5.3). In Efesiërs 5:25 word die liefdesdiens van die hoofskap verder beklemtoon deurdat die mans vermaan word om hulle vroue lief te hê soos Christus die kerk liefgehad het en sy lewe vir haar gegee het.

Met die sondeval is die man-vrouverhouding direk geraak. As gevolg van die sonde neig die man se hoofskap om heerssug te word en hunker die vrou daarna om haar man se leidinggewende posisie in te neem (vgl 6.3.1.2).

6.4.3 Hoofskap in die gemeentelike samekomste

In 1 Korintiërs 11:3-15 word 'n nuwe dimensie van hoofskap na vore gebring: God is die hoof van Christus; Christus is die hoof van elke man; die man is die hoof van die vrou (1 Kor 11:3). In 1 Korintiërs 11 word dan duidelik gemaak dat die gesagsverhouding tussen God en Christus as Middelaar en hoof van die nuwe mensheid in die gemeentelike samekomste weerspieël moet word in die verhouding tussen man en vrou (vgl 5.1). 'n Vrou wat deur haar optrede in die gemeentelike samekoms die hoofskap van die/haar man in gedrang bring, bring dus die gesag van God in gedrang (vgl 5.1). Dieselfde gebeur as die man deur sy optrede sy selfopofferende liefde vir sy vrou in gedrang bring: dan doen hy sy Hoof, Christus, oneer aan. Wanneer die vrou se optrede egter daarvan getuig dat sy die/haar man se hoofskap erken, is daar goeie orde in die gemeentelike samekoms, sodat selfs die engele hulle daaroor verbly (vgl 5.1). Net so as die man deur die uitoefening van sy hoofskap sy selfopofferende liefde vir sy vrou bewys – dan is daar goeie orde in die gemeentelike samekoms.

Op watter manier moet ’n vrou in die gemeentelike samekoms daarvan getuig dat sy die/haar man se hoofskap erken?

By die beantwoording van hierdie vraag blyk dit dat die Bybel op verskillende wyses verstaan word: Verstaanswyse 1 konkludeer dat dit gaan oor die verhouding tussen alle mans en alle vroue, terwyl Verstaanswyse 2 konkludeer dat dit gaan oor die verhouding tussen man en vrou in die huwelik.
Vervolgens word dié twee verstaanswyses in parallelle kolomme aangebied.

Verstaanswyse 1	Verstaanswyse 2
In die huwelik ontvang mans en vroue onderskeidelik die taak om in hulle optrede toonbeeld te wees van Christus se Hoofskap oor sy kerk en die kerk se liefdevolle diensbaarheid aan Christus as haar Hoof (vgl Ef 5:21-33, Kol 3, 1 Pet 3). In die kerklike inrigting word hierdie taak uitgebrei na elke man en elke vrou: Christus se Hoofskap word uitgebeeld deur die optrede van manlike lidmate en die kerk se diensbaarheid aan Christus word uitgebeeld deur die optrede van vroulike lidmate. Hierdie uitbreiding word bevestig deur 1 Kor 11:2-15 en 1 Tim 2:8-15 – Skrifdele wat oor die optrede van elke man en elke vrou by gemeentelike samekomste handel. Wat vroue betref, beteken dit in praktyk dat hulle nie in gemeentelike samekomste onderrig mag gee of gesag uitoefen nie (1 Tim 2:12), oor die prediking en goeie orde toesig sal hou nie (1 Kor 14:32-35) of op enige manier in die kerk ten opsigte van die mans leiding sal neem nie (1 Tim 2:12-14). Deurdat vroue hulle van sulke funksies weerhou, vervul hulle die heerlike taak om toonbeeld te wees van ’n kerk wat die Hoofskap van Christus erken. Terselfdertyd erken hulle daarmee dat dit die taak van die manne is om in hulle optrede toonbeeld te wees van Christus wat sy kerk liefdevol leer, versorg en lei. Nie een van hierdie onderskeie take is belangriker of meer eervol as die ander nie. Trouens, hierdie onderskeidende opdragte doen geen afbreuk nie aan die feit dat alle gelowiges, sowel mans as vroue, in Christus kinders van God is (Gal 3:28) en gelyke erfgename van God se genade tot die ewige lewe is (1 Pet 3:7). Verder weerhou hierdie besondere funksie wat vroue in die kerk beklee, hulle nie van die roeping (saam met alle mans) om die gawes wat hulle ontvang het voluit in die algemene diens van gelowige aan te wend nie (bv Rom 16:1,2; Hand 18:26; Fil 4:3). Die liggaam van Christus is immers nie passief nie maar	Die feit dat daar onderskeidende opdragte aan man en vrou in die huwelik is (bv Ef 5, Kol 3, 1 Pet 3), kan nie net so op die vrou se kerklike funksionering oorgedra word nie. Die volle aanwending van haar gawes is nie in stryd met Efesiërs 5 nie – op voorwaarde dat haar funksionering nie haar man se hoofskap misken nie. Die feit dat die hoofskap van die man en die onderdanigheid van die vrou geyk moet wees op die verhouding tussen Christus as Hoof en die kerk as sy liggaam, beteken dat daar ruimte moet wees vir die vrou om op elke terrein – ook in die besondere dienste – haar gawes aan te wend, met erkenning van haar man se hoofskap. Dit geld ook vir 1 Korintiërs 11 (die vrou se optrede in die gemeentelike samekoms) en 1 Petrus 3:7 (die vrou se gelyke erfgenaamskap van die lewe). Die getuienis van hierdie Skrifdele kom daarop neer dat daar ruimte moet wees vir die vrou om op elke terrein – ook in die besondere dienste – haar gawes, met erkenning van haar man se hoofskap, te gebruik. Ook 1 Tim 2:8-15, wat handel oor die gedrag van mans en vroue in die algemeen en spesifiek in die huwelik dui daarop dat die vrou op geen wyse – ook wanneer sy in die besondere dienste sou funksioneer – haar erkenning van haar man se hoofskap in gedrang mag bring nie.

groeiend en lewenskragtig (Ef 4:11-16). Die gawes van vroue kan ook onder leiding van die kerkraad so georganiseer word dat hulle op vaste basis dienswerk op diakonale terrein verrig (1 Tim 5:9-10).	

6.4.4 Praktiese implikasies

Verstaanswyse 1	Verstaanswyse 2
In soverre as wat die diakonale diens leidinggewing aan die gemeente behels,[89] behoort vroulike lidmate, in erkenning van die man se hoofskap, nie as diakens te dien nie. Die gawes van barmhartigheid wat vroulike lidmate ontvang het, kan op ordelike wyse op diakonale terrein aangewend word sonder dat vroue as diakens geroep en bevestig word. Na analogie van die weduwees van 1 Tim 5:9 kan vroue deur die diakonie op 'n lys van dienende vroue geplaas word. Hierdie vroue kan dan besondere barmhartigheids-werk onder leiding van die diakonie in die gemeente behartig.	Geslagtelikheid op sigself speel nie 'n deurslaggewende rol by die bepaling van wie tot die besondere diens van diaken verkiesbaar is nie. Skrifgegewens gee dus geen verbod of verhindering waarom vroulike gelowiges nie tot die besondere diens van diaken verkies kan word nie – op voorwaarde dat die getroude vrou in haar diensuitvoering nie haar erkenning van haar man se hoofskap regtens onder verdenking bring nie, net soos die man ook nie deur sy optrede op alle terreine sy selfopofferende liefde vir sy vrou in gedrang mag bring nie.

7. Samevattende opmerking

Uit bostaande bevindings is dit duidelik dat die Deputate nie tot 'n eenduidige aanbeveling kon kom nie. Daar is egter in die grootste deel van die Rapport eenstemmigheid nl die kerkregtelike aspekte mbt besondere dienste (2), die tersaaklike hermeneutiese vertrekpunte (3), asook by die eksegese van verskeie tersaaklike Skrifdele (4 en 5). By enkele Skrifdele is verskillende verstaanswyses aangebied wat hermeneuties geoorloof en eksegeties houdbaar is. Hierdie grootlikse eenstemmigheid blyk ook uit die sintese (6). Daar is egter verskil van mening oor die implikasie van die hoofskap van die man vir die gemeentelike samekomste (6.4.3 en 6.4.4). Ook hier is beide die verstaanswyses beoordeel as hermeneuties geoorloof alhoewel daar verskil is oor die eksegetiese oortuigingskrag daarvan. Daarmee word nie geïmpliseer dat die Skrif in homself teenstrydig is nie. Die verskillende verstaanswyses is die gevolg van ons onvermoë om die Skrif duidelik te verstaan.

Die Deputate hou gevolglik twee stelle aanbevelings aan die Sinode voor met die aanbeveling om 'n keuse te maak tussen die twee aanbevelings.

[89] Die Bevestigingsformulier van diakens gebruik die volgende terme wat hulle dienswerk in die gemeente as leidinggewing tipeer:

- Die diakens "word geroep om sorg te dra dat die gemeente hulle eenheid in Christus in daadwerklike onderlinge liefde beoefen". Let wel: Die diakens kry nie die opdrag om die onderlinge liefdesbetoon te behartig nie, maar om die gemeente daartoe te lei om dit te doen.
- Die diakens "moet toesien dat die gelowiges aan almal goed doen ..." Die diakens moet die gelowiges dus bring (lei) tot die punt waar hulle aan almal goed doen.

Hoe moet die diakens dit doen? Onder meer die volgende:

- Hulle moet "almal besoek en hulle aanspoor om daadwerklike liefde ... te bewys".
- Hulle moet "die gemeente tot diens toerus ..."

Al hierdie opdragte hou direk verband met leidinggewing aan die gemeente, soos hierbo in die voetnoot uiteengesit is. Daarom word die diakens opgeskerp om "goeie voorgangers vir die hele gemeente te wees", en word die gemeente opgeskerp om hulle "in die beoefening van die gemeenskap van die gelowiges deur die diakens te laat lei".

7.1 *Verstaanswyse 1*

Op grond van Verstaanswyse 1 kan die sinode die volgende besluite neem

7.1.1 Dat die gawes van barmhartigheid wat vroulike lidmate ontvang het, op ordelike wyse op diakonale terrein aangewend word sonder dat sulke vroue as diakens geroep en bevestig word.

7.1.2 Na analogie van 1 Tim 5:9 kan vroue met sulke gawes deur die Kerkraad en diakens op 'n lys van dienende vroue geplaas word en kan hulle besondere barmhartigheidswerk onder leiding van die diakonie in die gemeente behartig.

7.1.3 Uitvloeisel van 7.1.1 en 7.1.2

7.1.3.1 Die Sinode moet leiding gee oor hoe kerke die saak van vroue wat tans in die diens van diaken is moet hanteer.

7.2 *Verstaanswyse 2*

Op grond van Verstaanswyse 2 kan die sinode die volgende besluit neem:

7.2.1 In gemeentes waar dit met vrede en tot opbou kan gebeur, kan lidmate wat andersins kwalifiseer, ongeag geslag, tot die diens van diaken geroep en daarin bevestig word.

7.2.2 **Uitvloeisel van 7.2.1**

7.2.2.1 Die Bevestigingsformulier moet geslagtelik omvattend gemaak word.

7.2.2.2 Die Sinode moet oordeel in welke mate KO, art 38 deur hierdie standpunt geraak word.